

# Die Pad Saam

GRATIS

Uitgawe 47 • Februarie | Maart 2018

Waardeontsluiting  
en kapitaal by VKB

Beskerm jou diere en  
gesin teen listeriose

Bitcoin:  
Geld of borrel?

Hou  
**Kraaie**  
só in toom

# Die Lig

## op jou pad

deur pastoor Kallie Kriel



"Laat daar lig wees" is sekerlik van die bekendste woorde wat die meeste van ons sal onthou wat uit die Bybel kom.

Met die Skepping was lig gemaak voor die son, maan en sterre. God se heerlijkheid is die lig wat gemaak is, en aan die einde van die Bybel, in Openbaring, lees ons weer dat die son, maan en sterre nie meer nodig sal wees as gevolg van God se heerlijkheid nie.

In Genesis lees ons dat die aarde woest en leeg was en dat daar duisternis was. In die Johannes-briewe lees ons dat God lig is en dat daar geen duisternis in Hom is nie.

Wat ons uit dit alles kan weet en verstaan, is dat God in elke situasie die lig kan wees. Hy is nie net 'n ligstraal wat skyn nie, maar is die lig self. Sy teenwoordigheid in ons lewe sal altyd lig en antwoorde bring waar daar duisternis en vrae is.

Ons vergeet so maklik dat Hy alles weet en kan doen. Soms werk Hy dalk op 'n ander, beter manier as wat ons wou gehad of verwag het, en dan voel ons dalk dat Hy nie geantwoord het nie.

Alles in die lewe wat jy en ek as duister of donker beleef – en ons verstaan dat duisternis nie altyd net die afwesigheid van lig is nie – weet God van, en Hy sal lig daarop werp. Ja, elke deurbraak of soms verligte oomblik is deel van die wonder dat God lig is. Soos Hy die fisiese duisternis in die begin laat verdwyn het, so beleef ons Sy verligting in ons harte elke dag as ons bid en Sy Woord lees.

Hy doen dit deur die Heilige Gees.

Ons lees ook daar in Genesis dat die Gees van God oor die waters gesweef het. 'n Mens kry die idee dat dit die aarde voorberei het vir dit wat God sou doen, naamlik: "Laat daar lig wees en daar was lig."

'n Mens hoef daarom ook nie altyd die duisternis te probeer beveg nie. Dit is net die afwesigheid van lig. Sit net die lig aan.

Hoe?

Raak in jou hart net weer opnuut bewus van die feit dat God lig is, en daar is vir jou.

Kom ons raak meer prakties. In enige situasie wat jy beleef, donker raak vir jou. Of dit die droogte is, of jou huwelik, of finansiële druk, maak nie saak nie. Gryp Hom vas in geloof. Sê en bid in jou gedagte dat jy Hom vertrou, iets soos: "Here, ek glo!" Jy sal Hom beleef as dié lig.

Mag die Here jou seën.

# INHOUD

14-15

Neem deurdagte besluit in die aanstelling van 'n eksekuteur



25-26

Grondsiektes



**Uitgewer:**  
VKB en NTK

**Redakteur:**  
Hannelie Cronjé  
Posbus 100  
Reitz 9810  
Tel. 058 863 8223  
hanneliec@vkb.co.za

**Eindredakteur:**  
Koos Janse van Rensburg

**Ontwerp en Uitleg:**  
Ryno Steyn (VKB)

**Taalversorging:**  
Lize Mulder

**Druk:**  
Oranje Drukkers, Senekal

**Advertensies:**  
Hannelie Cronjé (VKB)  
hanneliec@vkb.co.za  
Sel. 083 303 6117

*Alle regte van Die Pad Saam word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.*

Vkb beskik oor 'n kliëntedienssentrum wat bestuur word deur die groep se skakelbeampte, me. Anelie Swemmer. Kontak haar gerus by **058 863 8277** of per e-pos by **aswem@vkb.co.za**

- 5-9 Waardeontsluiting en kapitaal by VKB
- 10 Besigheidsoerwoud: Kreef
- 14-15 Neem deurdagte besluit in die aanstelling van 'n eksekuteur
- 16-22 Bitcoin: Geld of borrel?
- 22-24 Nu-Pro-promosie
- 25-26 Grondsiektes
- 28 Beter beheer oor en bekamping van misbruik van teruggehoue saad
- 30-32 Wees versigtig oor vergiftiging
- 34-38 Hou kraaie in toom
- 39-41 Kruie is nie net vir kosmaak nie
- 42 Sakata
- 44-47 Beskerm jou diere én gesin teen listeriose
- 48-49 Vitamien B-tekort kan lyk soos depressie
- 50-51 Kinderhoekie: Soetlief en die nuwe gedierte
- 52-54 NTK Agricultural Development and Job Funds assist farmers on the road to success
- 55-57 NTK-Nuus

44-47

Beskerm jou diere én gesin teen listeriose




16-22

Bitcoin: Geld of borrel?



34-38

Hou kraaie in toom



39-41

Kruie is nie net vir kosmaak nie



# Ons is nooit te oud om in die reën te dans nie

**D**ie welkome reën wat in dele van ons bedieningsgebied geval het, het my laat dink aan hierdie storie wat ek onlangs per e-pos ontvang het. Die skrywer daarvan is onbekend, maar ek hou so van die boodskap daarin dat ek dit graag met ons lesers wil deel.

'n Dogtertjie – ek skat haar so ses jaar oud – en haar ma het pas klaar inkopies gedoen toe ek die twee raaksien. Sy lyk die ene ondeundheid met haar rooi hare en sproetgesiggie. Met 'n paar sakke vol inkopies in hul hande stap die twee op pad uit die winkelsentrum uit toe hulle deur 'n sterk reënbui begroet word.

'n Hele groep van ons bly staan onderdak reg by die ingang van die sentrum en wag dat die reën bedaar – party van ons rustig, ander haastig om aan te gaan met die take wat op hulle wag. Ekself staan in gedagtes verlore en verwonder my aan hoe die reën die vermoë het om die stof van alles af te was sodat alles nuut en blink lyk daarna. Ek onthou kleintyd toe ons in die reën gehardloop en gedans het, en in die proses vergeet ek skoon van alle bekommernisse wat vroeër die oggend nog aan my geknaag het.

Ineens breek die dogtertjie se stem deur die borrel om my: "Mamma, kom ons hardloop deur die reën," sê sy.

"Wat?" vra haar ma.

"Kom ons hardloop deur die reën," herhaal sy.

"Nee, my skat, kom ons wag liever tot die bui bedaar," antwoord haar ma.

Vir 'n minuut of wat is die kleinding getroos, maar dan sê sy weer: "Ag, Mamma, kom ons hardloop deur die reën, toe?"

"Ons gaan waternat reën, my skat," verduidelik die ma geduldig.

"Nee, ons sal nie. Dis nie wat Mamma vanoggend gesê het nie."

"Vanoggend? Wanneer het ek gesê ons kan deur die reën hardloop sonder om nat te word?"

"Onthou Mamma dan nie? Toe ons oor Pappa se kanker gepraat het, het Mamma gesê as God ons hierdeur kan dra, kan Hy ons deur enigiets dra."

Skielik word die hele groep doodstil en wag op die ma se antwoord hierop. Sy staan ook doodstil en ek kan sien hoe sy dink wat sy volgende gaan sê. Ek weet party van ons verwag dat sy iets sal sê soos "Moenie verspot wees nie", en ander sal dalk die opmerking ignoreer. Maar hierdie was 'n oomblik van bevestiging in 'n jong kind se lewe – 'n oomblik waarop onskuldige vertroue gevoed kon word om intense geloof te word.

"Jy weet, my skat, jy is só reg! Kóm ons hardloop deur die reën. En as God ons laat natreën, is dit dalk omdat ons 'n was nodig het," sê die ma. En daar hardloop hulle. Ons almal staan en toekyk hoe ma en dogter al laggend oor die parkeerterrein en tussen die motors deur hardloop met hulle inkopiesakke bo hul koppe. Kort voor lank is hulle waternat, maar hulle lag só uitgelate en lekker dat ons klompie onder die afdak saam met hulle lag.

En toe hardloop die grootste gros van ons soos een man onder die afdak uit, sakke bokant die koppe en ons skater soos uitbundige kinders. En die reën loop soos God se genade oor ons koppe en by ons hempskrae en skoene in, want almal van ons kort van tyd tot tyd 'n was.

Hoe dikwels gebeur dit nie dat kinders se onwrikbare geloof en vertroue in God ons herinner aan hoe almagtig Hy is. Geen wonder dat God ons vermaan om soos kinders te glo nie, want kinders bevraagteken nie Sy wil nie. Ons twyfel soms dat God ons gebede hoor omdat Hy ons nie altyd gee waarvoor ons vra nie, maar baie keer gee Hy dan iets beter in die plek daarvan, of Hy gee dit op Sy tyd. Ons moet net weer leer om ons vertroue in Hom te plaas.

Mag ons vanjaar gereeld herinner word aan die genade van God.

Groete tot volgende keer

*Hannelie*

# Waarde-ontsluiting en kapitaalbou by VKB

## INLEIDING

Landboumaatskappye (voormalige landboukoöperasies) het ontstaan deurdat hul lede 'n behoefte gehad het aan kollektiewe bedinging om insette teen die goedkoopste moontlike prys te bekom en ook die verpoeling van die aanbod van uitsette om die beste moontlike opbrengs vir die produsent se produkte te bekom. Baie van die landboumaatskappye het ontstaan uit koöperasies wat omskep het vir 'n verskeidenheid van redes soos waardeontsluiting, aantrek van kapitaal en politiese vrese.

Die effek van die omskepping was dat maatskappye tot stand gekom het wie se klantebasis oorwegend bestaan uit sy eie aandeelhouders. Hierdie unieke onderskeidende kenmerk maak landboumaatskappye anders as ander normale maatskappye waarvan die primêre doel is om waarde te ontsluit in terme van die verhoging in die aandeelprys en die dividend wat op die aandele betaal word.

Die aandele van landboumaatskappye is gewoonlik wyd versprei tussen 'n groot aantal aandeelhouders as gevolg van die oorsprong van die maatskappye waar 'n groot aantal aandeelhouders elk 'n nominale hoeveelheid aandele in die koöperasie opgeneem het in ruil vir die voorreg om met die koöperasie te mag besigheid doen. Hierdie oorspronklike aandele is soms aangevul deur bonusaandele wat deur die koöperasie uitgereik is of ledefondse wat by omskepping in maatskappye omskep is in aandelekapitaal. Waar bonusaandele uitgereik is, is die aandele in verhouding tot volume besigheid gedoen, uitgereik. Dieselfde beginsel geld waar daar bonusse geallokeer is teen aandeelhouders se ledefondse en die ledefondse omskep is in aandele van die maatskappye. Die lid van 'n koöperasie word in die proses 'n aandeelhouer van 'n maatskappye.

Hierdie aandeelhouders het egter nog steeds die behoefte na kollektiewe bedinging vir goedkoop insette en gesamentlike bemerking van sy produkte, ten spyte van die verandering in ondernemingsvorm deur die besigheid.

Daar kan dus 'n botsende belang ontstaan tussen die aandeelhouer se behoefte as klant na goedkoop insette en goeie produkpryse aan die een kant en die aandeelhouer se behoefte na 'n opbrengs op sy belegging in die maatskappye aan die ander kant.

Tussen landboumaatskappye het twee skole ontwikkel, naamlik die een wat suiwer die primêre doelstelling van die maatskappye nastreef en poog om maksimum waarde vir sy aandeelhouders te ontsluit, en die ander wie se aandeelhouders se behoefte as klant sterker weeg as die behoefte van 'n belegger en dus die klem steeds plaas op die genereer van waarde vir die klant deur goedkoper insette en maksimum uitsette eerder as op die skep van waarde vir die aandeelhouer as belegger. Die effek van laasgenoemde is dat die waarde van die maatskappye se aandele nie markverwant sal toeneem nie.

VKB kry gereeld versoeke van lede dat hulle voorkeuraandele uitbetaal of teen hulle skuld aangewend moet word. Ons ag dit gevolglik nodig om ons lede breedvoerig in te lig oor die strategie wat ons volg in terme van waardeontsluiting en om kapitaal te bou binne die onderneming, en waarom daar rigiede reëls oor die uitbetaling van aflosbare voorkeuraandele moet wees.

Winsverdeling en die wyse waarop kapitaal gebou word binne landboubesighede behels 'n doelbewuste keuse wat gemaak word tussen die alternatiewe en die formulering van 'n beleid wat die keuse rugsteun. Die keuse tussen 'n korporatiewe strategie versus 'n koöperatiewe strategie is die een is nie reg, of meer reg en die ander verkeerd nie. Die besluit hieroor hang af van die strategie waarop die maatskappye besluit en word bepaal deur die keuse wat sy aandeelhouders uitoefen, en hang hoofsaaklik af hoe belangrik die aandeelhouders die beheer oor hulle maatskappye ag.

Die implikasies van die besluit is enorm en het baie langtermyngevolge en daar kan nie ligtelik verander word aan die strategie waarop besluit is nie.

Met omskepping van Vrystaat Koöperasie Beperk in 'n maatskappye moes daar in wese 'n keuse gemaak word tussen twee moontlike strategieë:

- 'n Maatskappye wat korporatiewe- of maatskappye-doelstellings onderskryf of
- 'n Maatskappye met 'n produsentekultuur wat steeds koöperatiewe beginsels toepas.

**NB. 'n Baie belangrike faktor wat met die keuse van die strategie gepaard gegaan het, is hoe belangrik VKB dit vir die aandeelhouders was om beheer te behou oor hulle onderneming.**

## A. KORPORATIEWE MODEL

In die finansiële wêreld word algemeen aanvaar dat die primêre doel van enige maatskappye se bestuur is om die waarde vir sy aandeelhouders te maksimaliseer.

Waardeontsluiting word gedoen deur die waarde van die maatskappye (of sy aandele) te optimaliseer. Die waarde van 'n maatskappye se aandele word weer bepaal deur die vermoë van die maatskappye om toekomstige kontantvloei te genereer, of anders gestel, die waarde van 'n aandeel is die geraamde huidige waarde van die toekomstige kontantstroom wat deur die aandeel veroorsaak sal word.

Die kontantstroom wat die aandeel oplewer is die somtotaal van

- dividende wat oor tyd aan aandeelhouders betaal word, sowel as
- die opbrengs van die aandele wanneer dit uiteindelik van die hand gesit word.

Om die volle waarde van die belegging te ontsluit, impliseer dus dat die aandeelhouer op een of ander stadium die aandeel moet verkoop.



## Of die mark die waarde effektief sal ontsluit, word beïnvloed deur 'n aantal faktore wat insluit:

1. die konstantheid van die maatskappy se finansiële resultate en
2. die konstantheid van die kontantstroom wat deur dividende aan aandeelhouders uitgekeer word;
3. die vertroue in die maatskappy se direksie en bestuur en
4. hoe vrylik oordraagbaar die aandele is en of daar enige beheerstrukture in plek gehou word.

### 1. Konstante resultate en dividendbetalings

Vir 'n aandeel om optimaal in waarde te groei, word vereis dat die maatskappy optimaal sal moet presteer. 'n Effektiewe maatskappy se aandeelwaarde neem toe vanaf die dag wat jy die aandeel bekom. Die groei in die waarde van 'n aandeel word tot 'n groot mate bepaal deur die winsgewendheid van die maatskappy en die reservering van die winste. Sodoende word die waarde van die eienaarskapitaal in die maatskappy meer en gevolglik verhoog dit die waarde van die aandeel as die mark hierdie waarde effektief ontsluit.

Beleggers belê in industrieë wat oor die langtermyn konstante winsgewende resultate oplewer sowel as konstante dividendbetalings handhaaf. Indien die maatskappy nie voortdurend en konstant 'n goeie winsgeskiedenis handhaaf nie, sal beleggers hulle aandele verkoop en die geld belê in ander maatskappye en industrieë. Die maatskappy sal ook voortdurend 'n baie gunstige kontantvloeiopposisie moet handhaaf ten einde 'n konstante dividendbetaling aan aandeelhouders te kan maak.

Die hoeveelheid dividende wat 'n maatskappy kan betaal, word bepaal deur die maatskappy se winsgewendheid, sy bedryfskapitaalbehoefte en sy behoefte na kapitaal vir die finansiering van toekomstige groei.

### 2. Konstante kontantstroom wat deur dividende aan aandeelhouders uitgekeer word

Beleggers het verskillende behoeftes – sommige het 'n voorkeur vir dividende en ander fokus weer op die kapitaal groei in die waarde van die aandele. Hierdie beleggingsvoorkeure word beïnvloed deur die belegger se kontantposisie en belastingposisie en die samestelling van sy beleggingsportefeuje, wat natuurlik onbekend is.

'n Verhoging in die dividendkoers sal normaalweg die waarde van die aandele laat styg. Aan die ander kant van die muntstuk verminder dit die kapitaal wat in die onderneming teruggeploeg word om die groei in die onderneming te finansier en verlaag gevolglik die waarde van die aandele. Die optimale dividendbeleid is een waar daar 'n balans is tussen die huidige dividenduitbetalings en die reservering van kapitaal vir toekomstige kapitale behoeftes.

Indien 'n landboumaatskappy sy aandele se waarde markverwant wil laat verhandel en die kapitaal groei word beperk deur die verhandelbaarheid van die aandele, kan 'n aggressiewe dividendbeleid kompenseer vir die gebrek in kapitaal groei van die aandele en tog die waarde van die aandele stimuleer. Dit is dus 'n effektiewe alternatief van waardeontsluiting. Die effektiewe na-belaste dividendkoers in ons land word bepaal deur die normale maatskappybelasting en die belasting betaalbaar op die dividende. Teen huidige belasting- en dividendbelastingkoerse is dit 'n relatief duur opsie. Dit vergoed die aandeelhouders vir die gebruik van die fondse wat in die maatskappy werk, maar stimuleer nie noodwendig besigheid met die maatskappy so direk as wat aansporingskortings sal doen nie, omdat dit verdeel word op grond van die hoeveelheid aandele uitgereik deur die maatskappy en nie op grond van die omset wat die aandeelhouer met die maatskappy doen nie.

### 3. Vertroue in direksie en bestuur

Beleggers belê in ondernemings waar daar vertroue bestaan dat die direksie en die bestuur van die onderneming oor die langtermyn daarin geslaag het om die regte besluite te neem en die onderneming op die langtermyn volhoubaar te bestuur.

### 4. Vrye oordraagbaarheid van aandele

Vir sommige aandeelhouders van landboumaatskappye is die voortbestaan van hulle maatskappy as insetverskaffer en verwerker van hulle produkte steeds van kardinale belang. Vir saaiboerderye is die beskikbaarheid van silo-opbergspasie en die billike koste daarvan van nog groter belang. Daarom is die beheer oor hulle maatskappy vir hulle 'n ononderhandelbare beginsel. Gevolglik word die verhandeling van hulle aandele beperk tot bona fide produsente en die stemkrag wat enkele aandeelhouders kan uitbring word beperk. Die beperkings op die verhandeling van die aandele plaas druk op die aandeelpryse omdat die normale beginsel van vraag en aanbod versteur word en belegging deur institusionele beleggers ontmoedig of uitgesluit word.

Om die aandele optimaal in waarde te laat toeneem, moet die aandele sonder enige beperking verhandel. Dit het tot gevolg dat beheer nie effektief beskerm kan word vir die primêre produsent nie. Sodra lede die keuse moet uitoefen tussen beheer en kontant, dwing boerdery-omstandighede hulle soms om beheer te verruil vir korttermyn finansiële voordeel. Die gevolg hiervan is dat hierdie maatskappye eventueel besit word deur nie-landbouers.

Die buite-aandeelhouders dring aan op 'n opbrengs op hulle kapitaal en dit kan gevolglik 'n effek op die prys van goedere en dienste hê en ook 'n effek op pryse van die produkte wat produsente produseer.

## A. KOÖPERATIEWE MODEL

### Die Koöperasiewet

Yrstaat Koöperasie Beperk het vir baie jare met groot sukses 'n koöperatiewe winsverdelingmodel toegepas. Die koöperasiewet bepaal die wyse waarop daar met die surplus van die koöperasie gehandel mag word. Dit maak dan voorsiening vir reservering, die betaling van rente op opbetaalde aandeelkapitaal en die betaling van bonusse aan sy lede. Die wet bepaal verder dat die rente of bonusse in ledefondse vir toekomstige betaling aan die lede opsygesit kan word in die vorm van uitgestelde ledefondse. Die bedrag bonus wat aan 'n lid toegeken word, word bepaal volgens die klandisieverhouding van die lid met die koöperasie op 'n grondslag in die statuut van die koöperasie uiteengesit.

Die Koöperatiewe Inkomstebelastingwet maak voorsiening vir die aftrekbaarheid van bogenoemde bonusse vir inkomstebelastingdoeleindes gedurende die jaar wat die surplus gegeneer is, onder sekere omstandighede.

Die bepaling van hierdie twee wette het aanleiding gegee tot 'n praktyk wat algemeen deur VKB gevolg was en ingevolge waarvan die jaarlikse winste grootliks as bonusse verklaar is. Die bonus is dan as ledefondse geakkumuleer en die fondse by 'n latere stadium en onderhewig aan sekere voorwaardes aan die lid uitbetaal. Die onderneming het dus ledefondse (uitgestelde bonusfondse) opgebou in stede van, of addisioneel tot reserwes en diit gebruik om sy bedrywighede te finansier. Hierdie metode is as 'n belastingdoeltreffende meganisme gebruik om kapitaal te vorm. Aangesien die ledefondse op 'n sekere stadium en onder sekere omstandighede uitbetaal moet word, word dit as semi-permanente kapitaal beskou en nie as eienaarskapitaal geklassifiseer nie.

Die Maatskappywet en die Inkomstebelastingwet van toepassing op maatskappye maak nie voorsiening vir

die betaling van "bonusse" uit voor belaste wins soos by koöperasies nie. Die Inkomstebelastingwet van toepassing op maatskappye maak wel voorsiening dat uitgawes wat aangegaan word in die voortbrenging van inkomste wel vir belasting aftrekbaar is. Dit gee vir maatskappye die geleentheid om aansporingskortings uit voorbelaste wins te verklaar. Dit skep die geleentheid om koöperatiewe beginsels toe te pas binne die maatskappy-omgewing deur 'n aansporingskorting te betaal aan kliente (nie net aandeelhouders nie) in plaas van 'n bonus. Die doel is om die klient te motiveer om meer besigheid met die maatskappy te doen.

## VKB se strategie

VKB het 'n aantal jare gelede besluit om die koöperasie te omskep in 'n maatskappy omdat dit nie meer prakties uitvoerbaar was om 'n koöperasie te bly nie weens wetswysigings.

Onder die maatskappy-vaandel het VKB steeds verkies om 'n koöperatiewe model toe te pas. Ons het die model aangepas om jaarliks aansporingskortings op 'n gedifferensieerde basis aan ons kliente toe te ken, gebaseer op die besigheid wat hulle gedurende die jaar met die verskillende departemente doen en die wins wat op die transaksies gemaak is.

Hierdie strategie spreek die behoefte van die produsent aan in terme van waardeontsluiting en balanseer die klient se behoefte na goedkoop insette en dienste en maksimum waarde vir sy produk deurdat die klient deel in die wins wat daar gemaak word op die besigheid wat hy as klient met VKB doen.

Die jaarlikse wins van VKB Landbou bepaal hoe groot die aansporingskorting sal wees en die direksie bepaal jaarliks hoeveel van die wins as aansporingskortings uitgekeer word en watter gedeelte gereserveer word. Tot op hede handhaaf die direksie die beleid om ongeveer 85% van die wins wat uit die landbou verdien word, as aansporingskorting te betaal. Met so 'n aggressiewe kortingsbeleid, kan al die kortings nie in kontant uitbetaal word nie, want dit moet in die plek van reserwes gebruik word om in die maatskappy se kapitaalbehoefte te voorsien. Gevolglik word die aansporingskortings gedeeltelik in kontant uitbetaal (ongeveer 10%) en gedeeltelik in die vorm van aflosbare voorkeuraandele met 'n aflossingstermyn van 15 jaar uitgekeer (ongeveer 90%).

Die strategie spreek ongelukkig die maatskappy se behoeftes na 'n gesonde basis van permanente eienaarskapitaal slegs gedeeltelik aan omdat dit tot gevolg het dat semi-permanente kapitaal tot stand kom. Daar sal dus 'n doelbewuste aksie moet wees om ook permanente eienaarskapitaal te vestig indien die maatskappy op die langtermyn suksesvol wil voortbestaan.

Hierdie metode versoen die maatskappy se behoefte na kapitaal en die produsent se behoefte na goedkoop insette en dienste met mekaar deurdat die produsent sy deel van die wins wat uit hom gemaak is, terugkry. Waarde word dus jaarliks ontsluit soos en wanneer dit gegenereer word. Dit is volgens ons die mees effektiewe meganisme van waardeontsluiting binne 'n landbou-omgewing omdat dit waarde ontsluit soos en wanneer dit gegenereer word en elke bydraer tot die wins sy regmatige aandeel daarop kry. Dit gee ook vir die maatskappy die geleentheid om kapitaal te bou, al is die grootste gedeelte van die kapitaal semi-permanent van aard.

Dit stimuleer ook die kliente om meer besigheid te doen met die maatskappy. Om transaksies gedoen te kry moet VKB markverwant wees, maar die produsent weet dat hy deel in die surplus indien daar wins op sy transaksies gemaak word.

## Belangrike faktore in ag geneem toe op dié strategie besluit is:

VKB het beide die korporatiewe en koöperatiewe modelle deeglik ondersoek voordat daar op die koöperatiewe model besluit is. Van die vernaamste redes waarom daar op die koöperatiewe model besluit is, sentreer rondom die volgende belangrike aspekte:

### 1. Die aantreklikheid van die landbou-industrie uit 'n belegger se oogpunt

Wanneer 'n belegger geld belê, het hy 'n keuse tussen baie potensiële beleggingsopsies. Een daarvan is aandele as 'n belegging. Indien hy besluit het hy wil in aandele belê, het hy die keuse tussen duisende maatskappye reg oor die wêreld waar hy wil belê en hierdie maatskappye verteenwoordig verskillende ekonomiese sektore of industrieë. Sekere industrieë presteer beter onder sekere ekonomiese siklusse en ander weer beter onder ander ekonomiese siklusse. Risiko en opbrengs gaan gewoonlik hand aan hand en die belegger moet sy risiko-aptiyt bepaal voordat hy 'n finale beleggingsbesluit neem. Die deursnee belegger soek egter 'n belegging wat jaar na jaar konstante winste oplewer eerder as een wat sommige jare goed presteer en ander jare swakker.

Die landbou-industrie is 'n baie strategiese industrie uit 'n voedselkerheid-oogpunt, maar is meer blootgestel aan klimaatsiklusse as die ekonomiese konjunktuur, gemeet teenoor ander industrieë. 'n Voornemende belegger bou die potensiële volatiliteit van die winsgewendheid van landbou-besighede in by die prys wat hulle bereid is om vir die aandele te betaal en dit het 'n negatiewe effek op die waarde van 'n aandeel. Daarom verhandel meeste landboubesighede in Suid-Afrika se aandele meestal teen 'n diskonto teenoor die eienaarskapitaalwaarde van die aandeel. Die aandeel kan dus goeie onderliggende waarde verteenwoordig maar steeds teen 'n diskonto verhandel.

VKB is in 'n redelik stabiele klimaatstreek geleë, maar ons resultate word ook soms deur ongunstige klimaat beïnvloed. Die land as geheel is nie van die wêreld se optimale landbougebiede nie en die landbousektor word as geheel hierdeur beïnvloed.

Daar kan ongelukkig nie voor die tyd voorspel word hoe groot die diskonto sal wees nie; die mark sal dit bepaal. Ons het vroeër reeds van die faktore wat wel 'n effek op die prys van 'n aandeel het, bespreek.

Die praktyk bewys vir ons dat baie landboubesighede op die korttermyn baie suksesvol is om waarde te ontsluit wat oor generasies opgebou is, maar dat dit 'n groter uitdaging is om die prestasie vol te hou.

### 2. Die behoud van beheer deur die landbouprodusent

Ons het ook reeds voorheen in die artikel die effek van beperkings op die verhandeling van 'n aandeel bespreek. Vir VKB se direksie is die beheer van die maatskappy deur die landbouprodusent 'n ononderhandelbare punt wat ten alle koste beskerm moet word, en dit het 'n baie groot invloed gehad op die keuse van die strategie waarop besluit is.

Bogenoemde twee faktore het 'n groot invloed gehad daarop dat VKB besluit het om steeds 'n koöperatiewe model te volg nadat dit geforseer is om die koöperatiewe ondernemingsvorm te verander na 'n maatskappy.



# Belangrike faktore wat die suksesvolle toepassing van VKB se waardeontsluiting-en-kapitaalbou-strategie bepaal:

## 1. Kapitaalstrukture van landboumaatskappye

Vanweë die risiko's in die bedryf kan die maatskappye nie te aggressiewe hefboomverhoudings bekostig nie. Landboukoöperasies en maatskappye het oor die algemeen hoë finansiële hefboomverhoudings weens die lang debiteure-betaal-siklus en daar moet deurlopend 'n gesonde balans tussen eie en vreemde kapitaal in die onderneming gehandhaaf word om voorsiening te maak vir die toename in die skuldslas indien produsente weens klimaatsomstandighede of ongunstige marktoestande nie in staat is om hulle rekenings in tyd te vereffen nie.

As 'n algemene norm streef landboumaatskappye daarna om 'n eienaarskapitaalverhouding van ten minste 40% te hê – die norm om na te streef is neergelê as 50%. Dit wil sê dat vir elke R1 bates, dit befonds word met ten minste 50% eie kapitaal en 50% vreemde kapitaal. Hoe hoër die eienaarskapitaalverhouding van 'n onderneming is, hoe laer is sy rentelas en hoe meer winsgewend is die maatskappye. Finansiers beskou ook die eienaarskapitaal as 'n buffer vir risiko's en verskaf dus meer geredelik finansiering aan maatskappye met goeie finansiële strukture. Finansiers se vereistes speel dus meestal 'n groter rol as aandeelhouders se voorkeure by landboumaatskappye.

Vir die doel van die verhouding word aflosbare voorkeuraandele beskou as eienaarskapitaal alhoewel dit semi-permanent van aard is. Indien eienaarskapitaal daal na vlakke benede 30% raak finansiers ongemaklik en die maatskappye word as 'n risiko beskou ten spyte van goeie sekuriteit wat aan hulle aangebied word.

## 2. Aflosbare voorkeuraandele

Die aansporingskortings soos hierbo na verwys, word toegeken in die vorm van aflosbare voorkeuraandele in die maatskappye. Die aflosbare voorkeuraandele kan dividende dra. Die dividende word bepaal deur die direksie, maar die beleid word toegepas om die dividende te betaal uit die nie-landbou-inkomste van die maatskappye, aangesien die aansporingskorting uit die landbougedeelte van die maatskappye se inkomste betaal word. Die koers waarteen die aandele gediens word, word jaarliks deur die direksie bepaal. Die aandele is stemdraend behalwe wanneer 'n aandeelhouer besluit het om die aandele by aflosdatum in die maatskappye te los, waarna dit nie-stemdraend word.

Aangesien die aandele 'n vasgestelde rotasiedatum het, word dit rekeningkundig as vreemde kapitaal geklassifiseer. Die finale diskresie vir die uitbetaling van die aflosbare voorkeuraandele word in die hande van die direksie gelaat wat die rekeningkundige klassifikasie dan verander na eie kapitaal. Dit verskaf aan die maatskappye voldoende kapitaal om sy bedrywighede te befonds en gee die maatskappye genoegsaam tyd om vir die aflossing van die aandele te beplan.

Vir die lid hou dit die voordeel in dat ook hy 'n vaste datum het waarop die aandele in kontant uitbetaal word. Die voorkeuraandele kan selfs voor die tyd terugverkoop word aan die maatskappye teen 'n diskonto, as die lid vroeër die kontant wil hê.

## 3. Tydperk wat fondse in die maatskappye moet bly

Die maatskappye het kapitaal nodig om voort te bestaan en te groei. Aangesien 'n groot gedeelte van die maatskappye se jaarlikse wins as aansporingskorting uitgekeer word, vorm die maatskappye minimale reserwes en moet hy sy bedrywighede befonds met die semi-permanente kapitaal wat deur die aflosbare voorkeuraandele geakkumuleer is. Die semi-permanente kapitaal moet lank genoeg in die maatskappye beskikbaar wees sodat die opbrengs op die kapitaal die oorspronklike kapitaal vervang. Indien die besigheid groei, sal die kapitaal langer moet werk voordat dit uitbetaal word. Die effek wat inflasie op kapitaalbehoefes van die maatskappye het deurdat groter bedrae in voorraad en debiteure vasgevang word, het ook 'n effek op die termyn van rotasie aangesien dit tot gevolg sal hê dat die fondse langer in die maatskappye moet bly om aan die verhoogde behoefte na kapitaal in die maatskappye te voorsien. Die beleid is aanvaar dat die aflosbare voorkeuraandele 'n aflossingstermyn van 15 jaar het met verslapping vir aandeelhouders wat aftree-ouderdom bereik of te sterwe kom.

Geen verslapping kan verder op die uitbetaaltermyn gedoen word nie, aangesien dit sal veroorsaak dat die maatskappye nie genoegsame kapitaal sal hê om sy bedrywighede te finansier nie.

## 4. Winsgewendheid-doelwitte van landboumaatskappye

Daar het in die verlede onder landboukoöperasies die opvatting geheers dat die koöperasie nie oormatig winsgewend mag wees nie want die wins word ten koste van die lid behaal en behoort aan die lid en nie die maatskappye nie. Landboumaatskappye, net soos koöperasies, moet egter winsgewend wees indien dit op die langtermyn wil voortbestaan sodat dit in staat is om sy groeiende behoefte na kapitaal te voorsien, om sy reserwes te kan verstewig en sy aandeelhoudersfondse te kan diens met 'n opbrengs.

## 5. Reservering of winsverdeling

Die debat rondom winsverdeling en reservering is so oud soos die bedryf self. Dit het met die omskepping van koöperasies in maatskappye 'n nuwe dimensie gekry deurdat die noodsaaklikheid van goeie finansiële verhoudings al belangriker word. Die kwessie van waardeontsluiting kom dan weer in die kollig. Om suksesvol te kan voortbestaan kan 'n landboumaatskappye nie 'n ryk maatskappye wees met arm aandeelhouders nie. Dit kan ook nie 'n arm maatskappye wees met ryk aandeelhouders nie, want dan sal die maatskappye nie in staat wees om sy noodsaaklike funksie te vervul nie. Gelukkig is dit nodig dat die maatskappye sekere doelwitte stel rondom die balansstaatverhoudings wat dit wil handhaaf en daar moet doelgerig gestreef word na en gewerk word om die bogenoemde verhoudings te bereik. Die opbou van 'n gesonde balansstaat moet 'n strategiese doelwit wees vir 'n suksesvolle maatskappye.

## 6. Gedifferensieerde aansporingskortings

Sommige afdelings binne die landboumaatskappye is meer winsgewend as ander en kan hul winsteikens makliker haal as ander, aangesien die marges en mededingendheid van die verskillende bedrywe verskil. Dit laat die vraag ontstaan of die wins nie gedifferensieer sal moet distribueer na die klante uit wie dit verdien is om 'n regverdige verdeling te verkry nie. Die beginsel is om die kortings toe te ken aan die bedrywe wat die surplusse gegenereer het. Indien die Graanafdeling byvoorbeeld vir 'n buitengewone groot deel van die wins verantwoordelik is, moet die graanprodusente 'n groter verdeling uit die wins kry pro rata tot die besigheid wat elke produsent met die maatskappye gedoen het. Die differensiasie word dan gedoen tussen bedrywe tot op die vlak van verdeling wat prakties moontlik is.



## 7. Belastingeffek van aansporingskortings deur landboumaatskappye

Landboumaatskappye is soos alle ander maatskappye vir gewone inkomstebelasting op maatskappye verantwoordelik. Hulle geniet nie dieselfde voorreg in terme van die Inkomstebelastingwet as koöperasies nie. Indien die voorgestelde alternatiewe meganisme van waardeontsluiting deur landboumaatskappye gevolg wil word, is dit nodig om te let op die verskil in die belastingimplikasies wat vir die maatskappye sal geld.

Vir landboumaatskappye om aansporingskortings te verklaar op besigheid wat gedurende 'n finansiële jaar gedoen is en die kortings vir belasting aftrekbaar te kry, sal die volgende belangrike punte in gedagte gehou moet word:

Om as aftrekking te kwalifiseer moet 'n uitgawe aangegaan wees in die voortbrenging van inkomste. 'n Uitgawe moet werklik aangegaan wees in die jaar van aanslag waarin die aftrekking geëis word ten einde aftrekbaar te wees.

Die betaling sal dus nie werklik aangegaan wees in die jaar van aanslag waarin die besluit om dit te betaal geneem is sonder dat die aandeelhouders 'n afdwingbare reg op die betaling daarvan in die toekoms verkry en die maatskappye 'n korresponderende onherroepelike verpligting het om dit te betaal nie. Dit word gedoen by wyse van 'n verklaring aan die aandeelhouders voor jaareinde waarin hulle in kennis gestel word dat die direksie besluit het om 'n korting te betaal en waarin die metode vir die berekening van die bedrag en die dag vir die betaling daarvan uiteengesit word.

Die uitgangspunt is dus dat die korting betaal word as aanmoediging om in die toekoms met die maatskappye handel te dryf.

Die Memorandum van Inkorporasie van VKB maak voorsiening dat dit aan die direksie van die maatskappye die bevoegdheid verleen om kortings aan die aandeelhouders te gee.

Die omvang van die aansporingskortings moet binne redelike perke wees in vergelyking met die bedrae wat aanvanklik ter betaling vir goedere en dienste gehef is, en die verskillende winsmarges wat geld binne die bedryf bring mee dat gedifferensieerde aansporingskortings betaal word sodat elke klant sy regmatige aandeel in die aansporingskorting kry.

## 8. Kontantposisie van die aandeelhouders

Daar is 'n spesiale bepaling in die statuut ingebou om 'n groter kontantkomponent van die aansporingskorting aan die aandeelhouders uit te betaal wat op sy boerdery-inkomste belasting betaal, sodat die aandeelhouer nie in 'n negatiewe kontantvloeiopposisie gelaat word deur die strategie wat die maatskappye volg nie.

## 9. Vergoeding van geleentheidskoste van kapitaal

Die maatskappye moet jaarliks besluit of dit die geleentheidskoste van bestaande kapitaal in die onderneming wil vergoed en of hulle alle fondse wil uitkeer as aansporingskortings. Dit is vir produsente beter om eerder groter aansporingskortings te kry wat deel vorm van boerdery-inkomste vir belastingdoeleindes as om rente op hulle kapitaal te kry wat as ander inkomste vir belastingdoeleindes geag word. Hoewel daar 'n groot korrelasie is tussen aansporingskortings en aflosbare voorkeuraandeel, vind 'n mens soms dat 'n aandeelhouer wat help bou het aan die maatskappye sy boerdery afskaal en dan help sy ledefondse om wins vir die maatskappye te genereer, maar hy deel nie tot dieselfde mate in die aansporingskortings nie aangesien die omvang van sy bedrywighede met die maatskappye afneem.

Só 'n aandeelhouer sal benadeel word deur 'n te aggressiewe kortingsbeleid. Daar moet egter onthou word dat dieselfde persoon toe hy jonk was en groot besigheid gedoen het met die maatskappye en nie so baie voorkeuraandeel besit het as die ouer produsente van daardie tyd nie, weer die voordeel van die huidige stelsel gehad het. Gevolglik pas ons raad die beleid toe om dividende op voorkeuraandeel te betaal wanneer daar ander bronne as landbou-inkomste is waaruit die dividende betaal kan word om die lede te vergoed vir die gebruik van die kapitaal. Dit sou die billikste meganisme van verdeling van inkomste wees.

Die nadeel verbonde aan die betaling van rente op aandeelhouderslenings is dat die inkomste as rente in die hande van die lid belas word en nie geag word as boerdery-inkomste nie. Die lid kan dus nie boerdery-uitgawes teen rente afspeel nie en dit sal gevolglik op die gemiddeld meer belasting vir die lid veroorsaak. Met VKB se struktuur waar ledefondse omskep is in aflosbare voorkeuraandeel, kan VKB 'n dividend betaal op sy verskillende klasse voorkeuraandeel om sodoende die aandeelhouders te vergoed vir die gebruik van hulle kapitaal. Die dividend moet uit na-belaste inkomste verklaar word. Die dividend wat VKB ontvang op sy beleggings in filiale en verwante maatskappye, is hoofsaaklik die bron waaruit die dividend befonds word. Die dividende los ook die nadelige effek van belasting op rente op ledefondse op.

Aandeelhouders kan gevolglik verwag om groter dividende te ontvang wanneer die prestasie van sy filiale dit regverdig en kleiner of geen dividende as die prestasie van die filiale dit nie regverdig nie.

# GEVOLGTREKKING

VKB en die produsent is tot 'n groot mate 'n onlosmaaklike verlengstuk van mekaar en daar bestaan nie bloot 'n toevallige verhouding van klant, verskaffer en aandeelhouer nie.

Die belange van die maatskappye, sy aandeelhouders en die kliente van die besigheid kan soms drasties van mekaar verskil. Dit is gevolglik noodsaaklik dat 'n balans getref word tussen die behoefte van die aandeelhouer na 'n opbrengs op sy belegging en die behoefte van die klient na goedkoop insette en dienste. Gegewe die feit dat die twee partye by VKB dieselfde persone is, bly dit een van die grootste uitdagings vir die direksie om die balans te kry tussen die twee konfliktierende gedagtes, en om die balans dan konsekwent te handhaaf.

VKB se struktuur is aangepas om op twee bene te staan. VKB Landbou verdien hoofsaaklik sy inkomste uit die landbouprodusent en VKB Agri Processors verdien sy inkomste uit die voedselsektor. Gevolglik is daar besluit dat VKB Landbou steeds 'n koöperatiewe kultuur sal handhaaf en sal voortdoen met sy beleid om aansporingskortings te betaal en dat VKB Agri Processors sy korporatiewe mandaat sal uitleef deur wins te maak en dividende te betaal uit sy na-belaste inkomste en die maatskappye so te bestuur dat die waarde van sy aandeel optimaal verhoog.

Ons is steeds van mening dat die huidige metode van aansporingskortings 'n baie effektiewe langtermyn meganisme van waardeontsluiting vir 'n landboubesigheid is, wat die maatskappye se behoefte na kapitaal, die aandeelhouer se behoefte na 'n opbrengs op sy belegging en die klient se behoefte na billike pryse en dienste balanseer.



Landbou

**Die toer deur BESIGHEIDSOERWOUDE gaan voort...**

Kern-sakelesse uit die natuur is vervat in my boek Besigheidsoerwoud en hierdie sakelesse word oor 15 uitgawes bespreek.

# Kreef

**D**ie negende sakeles wat bespreek word, is die belangrikheid van moedigheid of deurstellingsvermoë en word verbind met die kreef. Kreef is uitmuntende jagters van die oseane en, behalwe 'n lekkerny, bied dit lesse wat onbekend is aan baie mense. Volgens die *Guinness World Records* is die grootste kreef ooit in Kanada gevang en het 20,14 kg geweg. Kan jy jouself so 'n groot kreef op jou etenstafel indink!

Kreef leef in rotsagtige, sanderige en selfs modderige seabodems, van die kuslyn tot die diepste see, en kom die algemeenste in rottskeure en gate onder rotse voor. Kreef groei dwarsdeur hul lewe en kan meer as 100 jaar oud word! Normaalweg loop hulle stadig op die seabodem. Hulle kan egter vinnig agteruit swem as gevaar dreig en 5 meter per sekonde beweeg. Dis amper die helfte van die spoed waarteen super-atlete kan hardloop, en dit onder water!

Watter sakelesse kan ons by die kreef leer? Is 'n goeie sakegeleentheid en aanvangskapitaal die enigste vereistes om 'n onderneming te begin, of is meer nodig? 'n Onderneming wat in sy kritieke eerste drie tot vyf jaar wil oorleef en floreer, moet meer hê as net 'n goeie sakekonsep. Ware moed is nodig. Kom ons leer van die kreef!

Seetoestande kan bepaal hoe lank dit vir 'n kreef sal duur om volwassenheid te bereik, net soos wat marktoestande 'n onderneming se lewensloop raak. Vir die Weskuskreef is dit ses tot nege jaar, terwyl die Ooskuskreef net drie jaar nodig het om volwassenheid te bereik. Die eerste lewensjare van 'n kreef is egter baie onseker, want net tien uit elke 10 000 eiers sal oorleef – met ander woorde 'n skamele 0,01%!

Volgroeide kreef lok minder roofvisse en kan tot 50 jaar of ouer word. Dit is egter die tydperk tussen geboorte en volwassenheid wat ware oorlewingsmoed vereis. Anders as by volgroeide kreef, is die sterftesyfer vir jong kreef baie hoog, want hulle het talle natuurlike vyande soos visse en seekatte. Net so is die misluktingskoers by nuwe sakeondernemings besonder hoog. Slegs sowat 25% oorleef die kritieke vestigingsjare.

Groeiende kreef kan slegs oorleef deur hul dop af te skud. Omdat die dop hard is, moet dit afgeskud word sodat die kreef kan groei. Op dieselfde wyse moet nuwe ondernemings wegdoen met vooropgestelde idees en swak bestuurspraktyke as hulle wil groei.

In sy eerste vyf jaar kan 'n kreef tot 25 keer van sy dop ontslae raak.

Nuwe ondernemings ondervind soortgelyke tydperke van kwesbaarheid in die eerste jare, maar word gaandeweg minder weerloos namate die onderneming homself vestig.

Kreef moet 'n dop hê om hulle teen roofvisse te beskerm. Indien die dop egter nie afgeskud word nie, kan hulle nie groei nie en sal die dop hul tronk en uiteindelik hul doodskis word.

Moed is veral nodig in die tydperk tussen die verdopping en die groei van 'n nuwe dop. Sonder sy dop is die kreef kwesbaar en 'n teiken vir aanvalle deur visse. In hierdie tyd kan die behoud van sy dop vir 'n kreef baie aanloklik voorkom!

Nuwe ondernemings ondervind soortgelyke tydperke van kwesbaarheid, byvoorbeeld met kontantvloei-probleme, uitstaande debiteure en krediteure, die stryd om 'n eie klantebasis op te bou, teenaanvalle deur mededingers en baie ander uitdagings.

Vir die entrepreneur kan hierdie onstabiele 'n vaste betrekking by 'n gevestigde maatskappy na 'n baie aantreklike opsie laat lyk – net soos wat die ou dop vir 'n groeiende kreef aanloklik is. Dit is egter 'n noodsaaklike tydperk waarin jy jou sakevaardighede ontwikkel om sterker te word voordat jy die vrugte van jou arbeid kan pluk.

Selfs 'n luiperd moet deur ervaring leer hoe 'n spesifieke prooi sal reageer as dit gejag word en die aanval dienooreenkomstig beplan. Deur dinge te probeer en selfs foute te maak, leer entrepreneurs ook om hul saketalente op te skerp.

Die sleutel tot oorlewing in hierdie kritieke fase is om nie tou op te gooi wanneer teenspoed toeslaan nie, en om jouself ruimte te gun totdat die gety draai!

NOU BESKIKBAAR BY ALLE VKB HANDELSTAKKE

# Farm dog™

## ADULT & PUPPY MAINTENANCE



### INGREDIENTS:

- Cereals, meat & animal derivatives, vegetable derivatives
- Essential Vitamins & minerals
- Approved anti-oxidants
- \* Contains GMO's

#### PUPPY



#### ADULT



### Complete & Balanced dog food for all sizes and breeds

- No artificial colourants or flavourants
- Lysine - an essential amino acid for dogs
- Zinc - for improved skin integrity and a beautiful coat
- Copper - for improved coat colour

Scientifically Formulated  
and balanced  
by a  
qualified nutritionist

Meets and exceeds AAFCO& RSA Nutrientguidelines for adult maintenance



FOR MORE INFORMATION VISIT:  
[www.farmdog-dogfood.co.za](http://www.farmdog-dogfood.co.za)



PROUD MEMBER OF THE  
**PET FOOD  
INDUSTRY**  
ASSOCIATION OF SOUTHERN AFRICA

# Standard Bank betree nuwe terrein in befondsing van agribesigheid met TWK en Land Bank

**H**erstrukturering van R1,8 biljoen waarin Standard Bank hande gevat het met die agribesigheid TWK en Land Bank, het 'n nuwe skuldbefondsingsmodel vir die landbousektor geskep. Hierdie model baan die weg vir die korporatisering van agribesighede om hul groei te versnel.

Die transaksie is 'n eerste in landbou-finansiering ten opsigte van die gesamentlike verskaffing van 'n sindikaatlending aan TWK tussen Standard Bank as 'n kommersiële finansiële diensteverkaffer, en Land Bank as 'n parastatale finansier.

Dit is ook 'n eerste in terme van Standard Bank en TWK wat saamwerk om TWK se balansstaat op so 'n wyse te herstruktureer dat dit die bank in staat stel om sy finansiële insigte van die korporatiewe sakewêreld te kan toepas in landbou se unieke bedryfsomgewing. Die 77 jaar oue TWK, wat onlangs genoteer is op die ZAR X, Suid-Afrika se tweede effektebeurs in 58 jaar, bied 'n wye reeks produkte en dienste aan sy belanghebbendes. Sy afdelings sluit in hout, graan, handel en meganisasie, finansiële dienste, en voertuie en bande. Die potensiële verdienste uit beleggings in TWK Investments Bpk. blyk hoog te wees. Met 'n omset van meer as R7 biljoen en netto batewaardes van meer as R1 biljoen, verhandel die aandele van TWK Investments teen 'n substansiële korting tot netto batewaarde. Daar word voorspel dat sy finale groei vir die 2017- finansiële jaar aansienlik kan groei van die hoë basis van die vorige jaar, en die aandele handel op 'n lae prys-tot-verdiensratio.

Die maatskappy se fisieke bates sluit in bemestingvermengingsaanlegte, handelspunte, mielie- en veevoermeulens, twee graansilo-komplekse, plantasieplase, 'n houtkapaanleg, 'n aanleg waar hout behandel word, timmer- en mynhout-saagmeulens, fasiliteite vir steenkoolproduksie, 'n kwekery waar boomsaailinge gekweek word, vulstasies en motorhandelaars. "Alle krediet moet gegee word aan die visionêre benadering wat TWK se direksie gevolg het in dat hulle aanvanklik besef het dat hulle die onderneming anders moet struktureer om te kapitaliseer op die groei wat hulle reeds beleef het, en om ons vir ons insette te nader ten opsigte van hoe om dit te behaal," sê Standard Bank se hoof van Agribesigheid, Nico Groenewald.

"TWK was bereid om sy finansiële model te verander, wat dit vir 'n kommersiële bank soos Standard Bank moontlik gemaak het om saam met die Land Bank te werk en in dié kombinasie 'n optimale skuldbefondsingstruktuur te skep. Die befondsingsmodel is ideaal gestruktureer en kan geskaal word soos wat die TWK-onderneming groei."

Groenewald glo die nuwe skuldstruktuur is in lyn gestel met TWK se groeistrategieë, dit het die balansstaat van die maatskappy bevorder en dit is 'n perfekte balans tussen die optimale finansieringsmeganisme en finansieringsprodukte. Dit verminder die risiko en skep 'n ideale geleentheid om in TWK se ekwiteit te belê soos wat dit op ZAR X genoteer is.

Daar word verwag dat die TWK-transaksie 'n waterskeiding sal wees in belegging in landbou. Tot nou toe, weens sy unieke bedryfsomgewing en die manier waarop dit bestuur is, het landbou nie baie geleenthede gebied vir individuele, institusionele of algemene beleggers nie.

"As ander agribesighede 'n soortgelyke benadering as TWK volg deur hulself te rat vir groei, kan landbou 'n uiters aantreklike passiewe beleggingsopsie word," sê Groenewald.

"Dit was ook vir ons wonderlik om met Land Bank te werk om proaktief te kyk na verskillende doeltreffender maniere om landbou te befonds. In hierdie spesifieke transaksie was Land Bank, as 'n nie-kommersiële entiteit, se bereidwilligheid om te innoveer 'n duidelike aanduiding dat die bedryf as 'n geheel in 'n uiters positiewe rigting beweeg."



BANK

LEEN

SPAAR

VERDIEN

VERSEKER



# Bewerk die *land* *en oes die toekoms*

*Kom ons praat agribesigheid.*

Ons agribesigheid span is nie alleen bankiers nie, maar inderdaad kenners van hierdie dinamiese sektor. Ons bied toegang tot bedryfskapitaal, asook die buigsaamheid wat jy nodig het om jou besigheid te bestuur. Dit is hoekom meer besighede Standard Bank as enige ander bank in Suid-Afrika kies. Vir meer inligting, besoek [www.standardbank.co.za/business](http://www.standardbank.co.za/business)

Standard Bank Voluit Vorentoe™

# Neem deurdagte besluit in die aanstelling van 'n eksekuteur



Die eksekuteur is die persoon wat deur 'n testament aangewys word en wat die oordelers se boedel ingevolge 'n eksekuteursbrief wat hy van die meester van die hooggeregshof ontvang sal beredder. Hy neem die bates van die boedel oor en neem al die nodige stappe om die boedel ingevolge die voorskrifte van die Boedelwet 66 van 1965 te beredder.

Die belangrike vraag word dikwels gevra wie as eksekuteur benoem of aangestel moet word.

Die keuse lê meestal tussen lede van die gesin, 'n goeie vriend, 'n prokureur, rekenmeester of sy bank. Elk van hierdie aanstellings het sy voor- en nadele.

'n Leke-aanstelling (goeie vriend of gesinslid) blyk aantreklik te wees, dog is problematies ook want, alhoewel so 'n persoon die erflater goed ken, beskik hulle dikwels nie oor die tegniese kennis om die boedel te beredder nie. Die erflater glo egter dat so 'n eksekuteur wel die tegniese dienste sal kan "koop" om hom of haar met die bereddering van die boedel behulpsaam te wees. 'n Voordeel hiervan is dan ook wel dat die leke-eksekuteur die beredderingskoste, wat volgens die wet 3,5% van die totale boedelbates mag beloop, met die boedelberedderaar kan onderhandel. Indien 'n boedel byvoorbeeld relatief eenvoudig is om te beredder, en sê maar net uit kontantbates en een of twee eiendomme bestaan, mag die beredderaar (wat 'n prokureur of rekenmeester kan wees), bereid wees om dit vir minder as die voorgeskrewe maksimum van 3,5% te beredder.

Banke het hedendaags ook tegniese vaardige boedelafdelings. 'n Nadeel is egter dat die amptenaar wat uiteindelik die werk gaan doen, totaal en al aan die erflater en sy familie onbekend is, met die gevolg dat so 'n aanstelling dikwels heeltemal onpersoonlik van aard is.

Die realiteit is dat solank die aangestelde persoon in sy hoedanigheid as eksekuteur die boedel beredder, hy die

**Geskryf deur Butch van Blerk, direkteur, Bill Tolken Hendrikse, van Bellville, Kaapstad.**



eksekuteur, gedurende daardie tyd die "vader" en mentor van die oorblywende gesin, die hoof van die besigheid, die besluitnemer en rigtingaanwyser, die biegvader en tugmeester, die regsadviseur, die rekenmeester en algemene raadgewer van die erfgename gaan wees. Hy is dus nie slegs met die tegniese sy van boedelberedding gemoeid nie. Die naasbestaandes van die oorledene het meestal die behoefte aan 'n vertroueling wat hulle oor enigiets wat met die boedel en aanverwante sake te doen het, wil raadpleeg.

Eksekuteursfooie beloop 3,5% van die bruto waarde van die totale boedelbates. Op 'n boedel van R10 miljoen beloop dit dus R350 000. As die boedel se beredding nie te ingewikkeld is nie, bestaan daar geen rede waarom dit nie teen 'n laer tarief gedoen kan word nie. Die vraag is egter of die eksekuteur wat in die testament aangestel word, bereid sal wees om die boedel teen 'n verminderde tarief te beredder. Dit behoort voor die dood van die erflater, wanneer hy sy testament opstel, bespreek en vasgestel te word.

Soos vroeër gemeld is die erflater vry om 'n eksekuteur van sy keuse aan te stel. Dit staan hom ook totaal vry om byvoorbeeld meer as een eksekuteur te benoem. Dit het dikwels baie meriete. Ekself verkies die aanstelling van 'n bekwame professionele persoon, tesame met 'n

langslewende eggenoot of lid van die gesin. Sommige instellings hou egter nie daarvan om 'n gesamentlike aanstelling te aanvaar nie, maar daar is nie werklik meriete in so 'n houding nie. Dikwels is dit suiwer daarop gemik om die volle eksekuteursgelde vir hulself te bekom.

Indien daar by 'n erflater onsekerheid bestaan oor wie hy moet aanstel, is dit goeie raad om die langslewende eggenoot of 'n lid, of lede van die gesin aan te stel. So 'n aanstelling het baie meriete omdat die afhandeling van die boedel aan 'n persoon gegee kan word in wie hulle volle vertroue het. Word die vertroue geskok, kan die boedel natuurlik weggeneem word en in die hande van iemand geplaas word wat die werk behoorlik kan doen.

Daar is groot kompetisie onder instellings om aanstellings as eksekuteurs te bekom. In groot boedels beteken dit groot eksekuteursgelde. Behoorlike advies moet eers verkry word voor 'n eksekuteur aangestel word. Daar bestaan geen waarheid in die storie dat 'n prokureur of 'n rekenmeester meer eksekuteurskommissie vir die beredding van 'n boedel vra as ander instellings nie. Die maksimum word in elk geval deur die Boedelwet vasgestel op 3,5% en die Meester van die Hooggeregshof sal geen hoër eksekuteursgelde toelaat sonder werklik goeie rede nie.

## Die beste raad bly dus:

1. Om 'n eksekuteur aan te stel wat jy ken en in wie jy glo en aan wie jy bereid is om jou sake toe te vertrou ná jou dood. As die langslewende eggenoot, 'n meerderjarige kind of selfs 'n vriend, fisies ná jou dood in beheer van jou bates gaan wees, is so 'n persoon geskik om as eksekuteur op te tree. As hy nie alleen die mas opkom nie, kan hy hulp inroep en daarvoor uit die eksekuteursloon betaal.
2. Kyk gerus maar die kat goed uit die boom en moet u onder geen omstandighede onbehoorlik laat beïnvloed oor wie u as eksekuteur in u testament moet aanstel nie.
3. As eksekuteurs moet u u onder geen omstandighede laat forseer om 'n volmag te onderteken en daardeur basies afstand doen van u magte as eksekuteur nie. Groot instellings is veral lief om dit te doen en aan die eksekuteur aangestel in die testament te sê: "Teken die volmag in terme waarvan ons dan self die boedel sal afhandel. Ons het die kennis wat jy nie het nie." Op dese wyse verloor jy daardie inset wat jy met die bereddingsproses gehad het.

Moet u ook onder geen omstandighede laat lei deur 'n voorstel dat die testament vir u gratis opgestel word, in ruil waarvoor die opsteller dan meestal verwag om alleen as eksekuteur aangestel te word, nie.

(Erkenning: *Praktiese Boedelbeplanning* – Prof. P.A. Olivier en Adv. G.P.J. van den Berg.)

Hierdie artikel het verskyn op die webblad <http://hulp.landbou.com>.



# Bitcoin: Geld of horrel?

deur dr. Philip Theunissen, Computus Bestuursburo

In 'n primitiewe dorpie, sowat 20 000 jaar gelede, het daar 'n jagter, 'n kleremaakster en 'n bakker gewoon. Buite die dorpie was daar 'n koringboer en ook 'n melkboer. In die berg daar naby het 'n ou man gewoon wat mooi klippe versamel het. Elkeen van hierdie persone het baie gou agtergekom dat hulle hul werk geniet as hulle spesialiseer en ook meer produkte kan produseer as hulle hulself op een ding toespits. Gevolglik het die onderlinge uitruil van produkte baie belangrik geword om hulle eie situasie mee te kon verbeter. Die uitruilskema het baie doeltreffend gewerk, maar die enigste probleem was dat die jagter graag vleis vir klere by die kleremaakster wil ruil, maar sy was 'n vegetariër. Die melkboer wil graag sy kaas vir brood by die bakker ruil, maar laasgenoemde kry 'n uitslag van suiwelprodukte. Die ou oom in die berg vrek weer oor biltong en kaas. Die jagter ruil toe van sy vleis vir 'n goue klippie by die ou oom. Toe die kleremaakster die klippie sien, bied sy dadelik aan om vir die jagter 'n stel klere te maak in ruil vir die mooi klippie. Die melkboer het ook 'n goue klippie by die ou man gekry en dit vir die bakker gaan aanbied vir brood.

Later word net die goue klippies as betaalmiddel aanvaar en 'n goudsmid kom vestig hom op die dorp wat die groot klonte tot ewe groot stene verwerk sodat elke steen dieselfde gewig is. Hy bêre die onverwerkte klonte in sy kluis. Op 'n dag het die kleremaakster nie 'n goue steen byderhand om vir die melkboer te gee nie. Sy gee toe vir hom 'n brief wat aan die goudsmid opdrag gee om 'n steen te maak uit een van haar onverwerkte klonte in sy kluis en dit aan die melkboer te gee. Meer mense begin toe van die briefies gebruik maak en later ruil die mense bloot die briefies vir produkte uit in plaas daarvan om elke keer by die goudsmid 'n steen te gaan haal en so ontstaan papiergeld in die plek van goue stene.

## Ruilmiddel


Die inwoners van die primitiewe dorpie het met verloop van tyd 'n geldstelsel ontwikkel wat vir almal as ruilmiddel aanvaarbaar was. Geld, eerder as elkeen se selfgeproduseerde produkte, kon dus toe vir 'n ander se produkte verruil word. Geld op sy eie is egter niks werd nie en kry eers 'n waarde as dit vir iets anders geruil kan word. Geld verteenwoordig dus 'n produk. Geld stel jou in staat om een produk te vervaardig maar 'n ander te verbruik. Geld gee jou die vryheid om iets anders te verbruik as wat jy self kan produseer. As daar in aanmerking geneem word dat produkte weer die resultaat van arbeid is, is geld in wese 'n ruilmiddel vir arbeid.

In die storie oor die primitiewe dorpie kon die ontwikkeling van die geldstelsel bietjie versnel word. In die werklike lewe het hierdie ontwikkeling oor eeue heen plaasgevind. Die mensdom het met verloop van tyd verskeie items as ruilmiddel uitprobeer. Onderskeie groepe het ook nie



# « Kynoch

## Herdefinieer kunsmis met ons verbeterde grondoplossing™. »



uppe marketing A17326

By Kynoch glo ons deur verskillende roumateriale te kombineer, die grondoplossing sodanig bestuur kan word dat die plantbeskikbare voedingstowwe in die grondoplossing verhoog kan word juis wanneer dit die meeste saak maak.

Deur die grondoplossing te bestuur, kan die opname van voedingstowwe verbeter word wat verbeterde opbrengste, gehalte en winsgewendheid tot gevolg kan hê.

**Kynoch – verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.**

011 317 2000 | [info@kynoch.co.za](mailto:info@kynoch.co.za) | [www.kynoch.co.za](http://www.kynoch.co.za)



# Kynoch

noodwendig dieselfde items as ruilmiddel gebruik nie. Ruilmiddels wat gebruik was, was skulpe, klippe, boombas, walvstande, hondetande en vere. Sulke ruilmiddels is veral op die eilande van die Stille Oseaan gebruik. Ander ruilmiddels soos vee is ook gebruik. Op party plekke in Afrika word beeste vandag nog as ruilmiddel gebruik.

Met geld kan enigeen sy arbeid vir dié van 'n ander uitruil. Die eenvoudige feit is gevolglik dat geld enigiets kan wees wat mense wil hê dit moet wees. Dit is egter nie te sê dat die ooreengekome geldstelsel noodwendig goed en sonder gebreke is nie. Die gemene deler tussen al die verskillende stelsels is dat die gebruikers daarvan onderling tevrede moet wees dat dit 'n aanvaarbare ruilmiddel is waarmee hulle kan handel dryf.

## Waarde

Geld op sigself het geen waarde nie, maar dit bied toegang tot waarde. Wat in die voorafgaande verhaaltjie opval, is dat geld mettertyd sy direkte waarde verloor het en slegs 'n syfer op 'n papier begin raak het. In die internet-era het geld selfs 'n digitale aanduiding geword. Hierdie “ontkoppeling” van geld aan iets wat 'n werklike waarde het, is moontlik omdat mense daarvan oortuig is dat geld 'n waarde het en ook hierdie waarde kan behou. Dit is dus 'n selfvervullingsprofesie, met ander woorde een wat ons voortdurend self in stand hou. As 'n mens egter mooi daarvoor nadink, is geld 'n baie wankelrige basis om 'n finansiële stelsel op te baseer.

Gelukkig hoef ons nie net op die geloof van mense in die waarde van geld te vertrou nie. Hoewel geld op sigself geen waarde het nie, sit daar darem 'n “organisasie” daaragter wat tot op 'n sekere vlak die waarde van geld kan waarborg. Vroeër is hierdie rol deur individuele banke vervul, maar deesdae het elke land 'n sentrale bank wat die waarde van sy geldeenheid rugsteun. Hierdie waarborge hou mense se geloof in 'n geldeenheid se waarde in stand.

## Kenmerke

Dit is duidelik dat 'n geldeenheid op sigself geen waarde het nie omdat dit in wese 'n konsep is wat in mense se koppe bestaan eerder as sy eie fisieke bestaan. Gevolglik moet geld oor sekere kenmerke beskik om as geldeenheid te kan dien.

*Ruilmiddel:* Geld moet teen enige goedere of dienste geruil kan word, ongeag wie daarby betrokke is.

*Rekeneenheid:* Die waarde van die ter ruilde goedere of dienste moet in 'n bepaalde hoeveelheid geld uitgedruk kan word.

*Duursaam:* Geld moet by voorkeur met verloop van tyd nie tot niet kan gaan nie.

*Deelbaar:* Die geldeenheid se waarde moet verklein of vergroot kan word om by die waarde van die goedere of diens te kan aanpas.

*Draagbaar:* Geld moet 'n hoë waarde volgens sy gewig hê sodat dit gemaklik rondgedra kan word.

*Wisselbaar:* Geld moet vir elkeen dieselfde waarde hê, ongeag wie daarmee wil koop of waar daarmee gekoop word.

*Intrinsiek:* Geld se intrinsieke waarde moet gelykstaande wees aan die waarde wat dit in die betalingsverkeer verteenwoordig.



Geld is dus enigiets waarop mense ooreenkom om hul arbeid onderling uit te ruil. Geld as sulks het geen waarde van sy eie nie. Sy waarde word op die onderlinge vertrouwe gebou wat mense op die waarde van hul arbeid plaas.

## Goudstandaard

Die meeste lande, Suid-Afrika ook, was vir baie jare lank op die goudstandaard. Hierdie stelsel was 'n verbintenis deur die deelnemende lande dat hulle die waarde van hul geldeenhede op 'n vasgestelde hoeveelheid goud sou baseer. Dit het in wese beteken dat papiergeld vrylik vir goud gewissel kon word.

Met goud se prys wat deur markkragte bepaal was, sou elke land se geldeenheid dus ook in terme van goud se waarde fluktueer. Omdat daar 'n redelik vaste voorraad goud in die wêreld beskikbaar is, sou geld in elke land 'n bestendige en verstaanbare waarde gehad het wat deur 'n substantiewe produk gerugsteun kon word. Hoe meer goud jy dus in reserwe kon hê, hoe meer was jou geld in daardie land werd.

Fiktiewe geld kon nie onder die goudstandaard geskep word nie, maar juis dít het probleme vir regerings geskep. Die beperkte goudvoorraad het die geldvoorraad beperk wat op sy beurt weer ekonomiese groei beperk het. Net soos individue wil regerings ook relatief ryker wees as ander lande en met die verwydering van die goudstandaard kon regerings dus self die geldvoorraad, wat nie deur substansie gerugsteun word nie, beheer. Die land se geldeenheid word dan onderskryf deur die owerheid wat belooft om die waarde daarvan te onderhou.

Bykans elke land is daarom deesdae op 'n stelsel van “fiat geld”. Die definisie daarvan is dat geld se intrinsieke waarde totaal waardeloos is omdat geld slegs as 'n ruilmiddel gebruik word. Die waarde van geld word gevolglik deur eerstens die vraag en aanbod vir geld en tweedens die vraag en aanbod vir produkte of dienste bepaal. Die pryse van goedere en dienste word deur markkragte toegelaat om die fluktueer.



# Eersteklas-geelbasters vir vooruitstrewende boerderye

## DIE PANNAR GEELBASTERVOORDEEL:

Diverse groeiklasse en 'n uitstekende prestasiekord

- Ultravinnig onder besproeiing en in die oostelike produksiestreke.
- Medium-vinnig en medium in die oostelike en westelike produksiestreke.
- Bied 'n goeie risikoverspreidingsstrategie wat gunstig is vir suksesvolle, volhoubare boerderye.

## Ons Geelmiehebasters

Groeiseisoenklas					
Ultravinnig		Vinnig		Medium-vinnig	Medium
BG 3292	PAN 6126	PAN 3R-500R*	PAN 4A-156	PAN 5A-154	PAN 6B-410B
BG 3492B	PAN 3D-736BR	PAN 3R-700BR*	PAN 4A-172	PAN 5A-182	PAN 6R-680R
BG 3592R	PAN 3R-524R*	PAN 3P-502R	PAN 4R-672R	PAN 5A-190	PAN 6R-710BR
BG 3792BR	PAN 3R-724BR*	PAN 3Q-740BR	PAN 4B-376B		
	PAN 3R-586R		PAN 4R-776BR		
	PAN 3R-786BR				

Die BG 3792BR platform lewer uitstekende opbrengsprestasie in die LNR-proewe onder besproeiing. PAN 5A-182 doen besonder goed in die LNR-proewe vir die oostelike en westelike produksiestreke.

\*Onderhewig aan registrasie.

© Geregistreerde handelsmerke van PANNAR BPK, © 2018 PANNAR BPK

2018/WMAIZE/A/03/REV



# PANNAR®

Saam boer ons vir die toekoms™

infoserve@pannar.co.za

www.pannar.com



Geld is gevolglik nou 'n blote rekeningkundige balans in 'n grootboekrekening. Aankope verminder die balans in die kliënt se rekening en vermeerder die balans in die verskaffer se rekening. Transaksies is dus nie meer 'n tweeledige transaksie tussen die koper en verkoper soos onder die ou stelsel van ruilhandel nie waar goedere in ruil vir geld gelewer word. Die bank tree as derde party in 'n drieledige transaksie op waar hy die verskaffer se rekening krediteer vir die waarde van die goedere, die goedere deur die verkoper oorhandig word waarna die bank die koper se rekening weer debiteer by ontvangs van die goedere.

## Wat is 'Bitcoin'

Hoewel Bitcoin die bekendste is, is dit een van nagenoeg 1 000 digitale geldeenhede. Ander prominente name sluit in Litecoin, Bitcoin Cash, Monero, Cardano, Neo en Ripple. Die gedagte daaragter word uiteengesit in 'n witskrif deur 'n misterieuse Satoshi Nakamoto, wie se ware identiteit nie bekend is nie. Hierdie digitale geldeenhede belooft laer transaksiekoste en word nie deur 'n sentrale owerheid uitgereik nie. Daar is geen fisieke geldeenhede nie, maar slegs 'n openbare lêer met opgetekende bedrae wat iewers in die kuberruimte lê en is in wese dus 'n rekenaarwagwoord. Gevolglik word daarna ook as kriptogeld verwys.

Die sekuriteit rondom die geldeenheid word deur die onmoontlike ontsyfering (*encryption*) van die rekenaarwagwoord gewaarborg. Elke Bitcoin se wagwoord word op unieke wyse deur 'n rekenaar as algoritme geskep wat uit 'n onsyferbare string karakters en nommers bestaan. Wanneer daar 'n transaksie met 'n Bitcoin gedoen word, word hierdie wagwoord dan rekenaarmatig as 'n geldige waarde bevestig.

Teen die agtergrond van "fat geld" maak kriptogeld dus tot 'n mate sin, maar dit het skielik ook 'n gier begin raak en 'n "verkoopswaarde" van hul eie begin kry. Gevolglik word dit nie meer as ruilmiddel gebruik nie, maar eerder as 'n belegging. Hoewel dit dan tans baie gewild is, beskou heelwat beleggers die uitermatig hoë waardes daarvan as 'n borrel wat binnekort gaan bars.

## Wat is 'n borrel?'

Die amptelike definisie van 'n borrel is dat wanneer die pryse van 'n bate skerp en langdurig styg en die fundamentele waarde daarvan oorskry, maak dit die skielike ineenstorting van die pryse 'n wesentlike moontlikheid. By die ineenstortingspunt bars die borrel dus.

Die grootste probleem met borrels is dat dit nie vooraf geïdentifiseer kan word nie. Eers by die bars daarvan kan daar by terugblik bevestig word dat die prysstygings 'n borrel was en nie die resultaat van fundamentele ekonomiese groei nie. Indien pryse wel 'n borrel was, is die uiteindelik bars daarvan baie skouspelagtig en kom die beleggerspubliek dān eers agter dat dit wel 'n borrel was.

# Bitcoin





# Geld of borrel?



Volgens prof. Christopher Sims van die Ekonomie-departement by die Princeton Universiteit in die VSA, het 'n finansiële borrel verskeie karaktertrekke:

- Die bate is “nuut” en beleggers glo dat hulle van die eerstes is wat hierdie nuwe geleentheid om 'n wins te maak, raakgesien het.
- Beleggers leen hoofsaaklik geld om die bate aan te koop en terselfdertyd is krediet geredelik beskikbaar daarvoor.
- Deelnemers in die mark is baie bewus van die koers waarteen pryse styg en koop tot 'n groot mate vir kapitale groei en in 'n mindere mate vir die inkomste wat die belegging kan oplewer.
- Deelname in die betrokke mark groei met rasse skrede en beleggers word ingetrek op grond van die waarneembare sterk kapitaal groei.
- Sommige deelnemers erken dat die bate se kapitaalwaarde hoër as die rentabiliteit is, maar glo dat hulle 'n opbrengs uit kapitaal groei kan realiseer deur betyds uit te klim.
- Daar is geloofwaardige kommentators wat aanvoer dat die bates oorgewaardeer is.
- Daar is uiteindelik 'n duidelike ineenstorting van pryse.
- Daar is 'n kullery en selfs bedrog wat ná die bars van die borrel eers ontbloot word.

In wese is die deurslaggewende kenmerk van 'n borrel die feit dat die enigste rede vir hoë pryse van vandag gegrond is op die veronderstelling dat pryse môre nog hoër gaan wees. Dan bestaan daar beslis 'n moontlikheid dat pryse ineen kan stort. Hoewel kriptogeld dus wel sekere kenmerke van geld het, het dit terselfdertyd ook beslis kenmerke van 'n borrel en is daar tog ernstige waarskuwingstekens dat dit dalk baie gesofistikeerde bedrogskemas kan wees.

## Slotson

Die eerste opgetekende bedrogsaak word in Genesis 3 van die Bybel uiteengesit. Die slang het toe al vir Adam en Eva met 'n bedrogskema verlei wat in die vorm van 'n appel verpak was. Bedrog is dus so oud soos die mensdom self en bedrieërs het oor eeue heen hul skemas in uiters verbeeldingryke verpakings aan hul slagoffers gebied. Die koms van die Internet het ook aan bedrieërs nuwe geleenthede geskep om hul skemas vinniger en op 'n groter skaal te bemark sonder dat hul identiteit ontbloot word.

Die astronomiese groot stygings in kriptogeld se waardes laat noodwendig vrae daarrondom ontstaan: is dit baie gesofistikeerde geldeenheide of is dit baie gesofistikeerde bedrogskemas? Die tyd sal leer, maar vir nou is dit belangrik om te onthou dat geld 'n ruimiddel vir arbeid is. Geld op sigself is nie welvaart nie. Ware welvaart word slegs deur harde werk en eerlike beleggings geskep binne ondernemings wat goedere of dienste met 'n waarde produseer. Daar is nie kortpaaie nie en enigiemand wat die teendeel verkondig is daarop uit om iemand anders te bedrieg.

### BRONNE:

The Origin of Money (And How It Was Stolen from You). Alexander “Ace” Baker  
<http://www.strike-the-root.com/4/baker/baker2.html>  
Wat is geld? Werner Vorstman op vr, 6 juli 201  
<http://www.vorstman.com/wordpress/wat-is-geld/>  
Money - Wikipedia, the free encyclopedia  
<http://en.wikipedia.org/w/index.php?title=Money&printable=yes>  
The Trickiest Characteristic of Sound Money. Joel Bowman  
<http://dailyreckoning.com/the-trickiest-characteristic-of-sound-money/>  
Beter Omgaan Met Geld  
<http://www.beteromgaanmetgeld.nl/>  
Geld: Wat is jou waarde? Philip Theunissen. Kejafa Knowledge Works, 2013.  
What is Bitcoin? <https://www.investopedia.com/terms/b/bitcoin.asp>

**nu-pro**  
FEEDS • VOERE



# Nuwe nu-mol Lekreeks



**Bestel nou en  
kry uitgestelde  
betaalterme  
tot en met  
120 dae.**

**Termes en Voorwaardes Geld**



Joubertstraat, Bethlehem, 9700  
Tel.: 058 303 9587/9 • [www.nupro.co.za](http://www.nupro.co.za)

# Nuwe Voorkoms



**Winterlek 45**



**Grainlick 450**



**Produksielek 28**



**Hefgrow 17**



**Ultrawol 30**

**nu-pro**  
VOERE



### Winterlek 45

Registrasie Nummer: V23848 Wet 36/1947 • Klas: Proteïen Supplement vir Beeste

Nutrient	Eenheid	Spesifikasie	Min/Maks
<b>Proteïen</b>	g/kg	450	(Min)
<b>Proteïen vanaf NPN</b>	%	76.5	(Maks)
<b>Ureum</b>	g/kg	120	(Maks)
<b>Vet</b>	g/kg	20	(Min)
	g/kg	40	(Maks)
<b>Vesel</b>	g/kg	50	(Min)
	g/kg	70	(Maks)
<b>Vog</b>	g/kg	120	(Maks)
<b>Kalsium</b>	g/kg	10	(Min)
	g/kg	30	(Maks)
<b>Fosfor</b>	g/kg	5	(Min)

### Grainlick 450

Registrasie Nummer: V23989 Wet 36/1947 • Klas: Proteïen Supplement vir Beeste

Nutrient	Eenheid	Spesifikasie	Min/Maks
<b>Proteïen</b>	g/kg	410	(Min)
<b>Proteïen vanaf NPN</b>	%	89.6	(Maks)
<b>Ureum</b>	g/kg	128	(Maks)
<b>Vet</b>	g/kg	14	(Min)
	g/kg	20	(Maks)
<b>Vesel</b>	g/kg	60	(Maks)
<b>Vog</b>	g/kg	80	(Maks)
<b>Kalsium</b>	g/kg	45	(Maks)
<b>Fosfor</b>	g/kg	8	(Min)

### Volledige Produksielek 28%

Registrasie Nummer: V23837 Wet 36/1947 • Klas: Proteïen Supplement vir Beeste

Nutrient	Eenheid	Spesifikasie	Min/Maks
<b>Proteïen</b>	g/kg	270	(Min)
<b>Proteïen vanaf NPN</b>	%	54.2	(Maks)
<b>Ureum</b>	g/kg	51	(Maks)
<b>Vet</b>	g/kg	20	(Min)
	g/kg	40	(Maks)
<b>Vesel</b>	g/kg	65	(Maks)
<b>Vog</b>	g/kg	80	(Maks)
<b>Kalsium</b>	g/kg	12	(Min)
	g/kg	15	(Maks)
<b>Fosfor</b>	g/kg	6	(Min)

### Hefgrow 17

Registrasie Nummer: V23841 Wet 36/1947 • Klas: Proteïen Supplement vir Beeste

Nutrient	Eenheid	Spesifikasie	Min/Maks
<b>Proteïen</b>	g/kg	170	(Min)
<b>Proteïen vanaf NPN</b>	%	33.8	(Maks)
<b>Vet</b>	g/kg	25	(Min)
	g/kg	70	(Maks)
<b>Vesel</b>	g/kg	10	(Min)
<b>Vog</b>	g/kg	120	(Maks)
<b>Kalsium</b>	g/kg	12	(Maks)
<b>Fosfor</b>	g/kg	3	(Min)

### Ultrawol 30

Registrasie Nummer: V23988 Wet 36/1947 • Klas: Proteïen Supplement vir Skape

Nutrient	Eenheid	Spesifikasie	Min/Maks
<b>Proteïen</b>	g/kg	330	(Min)
<b>Proteïen vanaf NPN</b>	%	48.7	(Maks)
<b>Ureum</b>	g/kg	56	(Maks)
<b>Vet</b>	g/kg	45	(Maks)
<b>Vesel</b>	g/kg	65	(Maks)
<b>Vog</b>	g/kg	80	(Maks)
<b>Kalsium</b>	g/kg	21	(Maks)
<b>Fosfo</b>	g/kg	6.4	(Min)

### Produk Beskrywing Lekke


Iname per dag/fase/produk

	Winterlek	Produksielek 28	Hefgrow 17	1 Stop Vetmes Konsentraat	Grainlick 45
Droë Koeie	500g/dag				
Dragtige Koeie	500g/dag	1.5kg/dag			
Beeste op Graan reste	500g/dag				500g/dag
Lakterende Koeie		1.5kg/dag			
Vervangings Verse		1.4kg/dag	1.5kg/dag		
Afrond Kalwers				1.8kg/dag	
Bulle	500g/dag		2kg/dag		

Termes en Voorwaardes:

- Onderhewig aan goedgekeurde kredietlemiet
- Of onderhewig aan geldige bestelnummer by koöperasie





deur dr. Aneen Schoeman, LNR-Instituut vir Graangewasse, Potchefstroom

# Hoe kan ons grondgedraagde siektes beter verstaan?

Grondgedraagde siektes verwys na 'n siektekompleks waar plantdele onder die grond simptome toon nadat dit geïnfecteer is met grondgedraagde patogene. Plantdele wat simptome toon, sluit die plante se wortels en krone in en ook die stamgedeeltes wat nie bo die grond sigbaar is nie. Grondgedraagde siektes kan ook verrotting van saad, swak kiemdragtigheid en selfs saailingverwelk veroorsaak.

Plantdele word meestal deur grondgedraagde swamme (patogene) aangeval en dit kan die plant negatief begin affekteer sonder dat die produsent daarvan bewus is, aangesien simptome nie sigbaar is nie. Wanneer oestyd kom en daar 'n afname in opbrengs is, word die oorsaak gewoonlik by bogrondse faktore gesoek en word die effek van grondgedraagde siektes op oeste maklik oor die hoof gesien.

'n Verdere rede waarom ander faktore vir oesverliese geblameer word, eerder as grondgedraagde siektes, is waarskynlik omdat hierdie siektekompleks nie goed verstaan word nie. Hoewel baie navorsing gedoen is, en steeds gedoen word op wortel-, kroon- en stamvrot (Fig. 1 en 2), is vordering stadig en variasies in resultate maak dit moeilik om die siektekompleks te verstaan en te voorspel. Verder word hierdie ingewikkelde siektekompleks ook deur 'n verskeidenheid faktore veroorsaak wat elke seisoen die voorkoms en graad van die siekte kan beïnvloed.

## Wat beïnvloed die voorkoms en graad van siekte?

Meeste mielieplante kan 'n mate van visuele simptome toon wanneer dit geïnfecteer is, maar die graad van sigbare simptome in wortels, krone en stamme varieer van seisoen tot seisoen. Navorsing deur die LNR-Instituut vir Graangewasse het gelei tot die identifikasie van 12 swamme wat meestal voorgeskem het in besmette wortels, krone en/of stamme (Tabel 1).

- Die voorkoms van hierdie grondgedraagde siekteveroorakende swamme kan deur omgewingsfaktore, die groeifase van die plant asook vorige gewasse wat geplant is, beïnvloed word.
- Verbouingspraktyke (byvoorbeeld bewaringsbewerking of konvensionele bewerking soos ploeg), grondtipe (klei- of sanderige grond), asook die bioklimaat, beïnvloed die dinamika van grondgedraagde siektes.
- Mieliekultivars kan verskillende vatbaarheid of weerstandigheid toon teen sekere swampatogene,

wat kultivarkeuse baie belangrik maak.

- 'n Ander aspek wat die siektekompleks nog meer ingewikkeld maak, is die feit dat elke patogeen (swamspesie) ook verskillende virulentepotensiaal toon, wat die graad van siektevorming betekenisvol kan beïnvloed.

## Navorsing op grondgedraagde siektes

Gewoonlik word die navorsing op grondgedraagde siektes gedoen deur die aangetaste plant se wortels, krone en/of stamme in klein stukkie op te sny en uit te plaas op 'n spesifieke agarmedium. Die agarmedium is soos 'n jellie wat voedingsstowwe bevat wat swamgroeï ondersteun. Swamme groei gewoonlik binne sewe dae uit op die medium, waarna die swamme geïsoleer word en deur verskillende prosesse gaan om korrekte identifikasie te verseker.

Die probleem met hierdie tegniek is dat party swamme, wat moontlik die probleemswam insluit, nie altyd maklik op agarmedium groei nie. Dus, 'n swam wat makliker en vinniger groei op die agarmedium, kan verkeerdelik geïdentifiseer word as die "primêre swam" wat simptome veroorsaak. 'n Verdere probleem met dié metode is dat sekere swamme spesifieke voedingsstowwe benodig om te kan groei, wat daartoe kan lei dat die probleemswam nie noodwendig sal groei en sodoende nie geïdentifiseer kan word nie. Om hierdie probleem te oorkom, word spesifieke agarmediums vir verskillende swamspesies gebruik om seker te maak dat alle moontlike swamme wel geïdentifiseer kan word.

'n Basiese navorsingsproef kan soos volg opgestel word: die proef sal bestaan uit ses behandelings (byvoorbeeld vogstremming, verskillende gewasrotasiesisteme, bewaringsbewerking, konvensionele ploeg) met vier herhalings, waarin plantmonsters drie keer deur die seisoen geneem word.

Hoewel die proefuitleg heel eenvoudig lyk, is die identifisering en kwantifisering van die swamme wat voorkom op die plante nie so eenvoudig nie. Tydens die eerste stap moet ongeveer 14 000 agarbakkies (met verskillende media) gebruik word om net die swamme te isoleer (swamme groei vanuit die wortel-, kroon-, of stamstukkie op die agar). Dan word 'n verdere 14 000 agarbakkies benodig vir identifisering van spesifieke swamme.

Al hierdie agarbakkies word slegs vir een proef gebruik, wat ook nie al die faktore insluit wat wortel-, kroon- en stamvrot beïnvloed nie. Om hierdie hoeveelheid agarbakkies te hanteer, is 'n baie omvangryke en tydrowende taak. Goeie kennis van elke swam se karatereienskappe is belangrik vir korrekte identifikasie. Soms sal dit nodig wees om spesifieke swamme te stuur vir meer intensiewe molekulêre identifikasie-tegnieke, wat 'n duurder proses is.

Omdat die proses soveel tyd in beslag geneem het, moes navorsing aangepas word in 'n poging om daadwerklike vordering te maak op die gebied van wortel-, kroon- en stamvrot. Vandag is tegnologie beskikbaar wat gebruik maak van swam-DNS wat geïsoleer word uit besmette plantdele. Met behulp van 'n kwantitatiewe

polimerase-kettingreaksietoets (qPCR) kan die swam korrek geïdentifiseer en gekwantifiseer word.

Navorsing deur die LNR-Instituut vir Graangewasse het qPCR ontwikkel vir die 12 swamme wat die algemeenste voorkom op mielieplante (Tabel 1). Hierdie tegniek stel navorsers in staat om meer faktore te bepaal wat 'n invloed kan hê op die swamkompleks, asook op die voorkoms en graad van wortel-, kroon- en stamvrot.

## Gevolgtrekking

Tans word 'n projek befonds deur die Mielietrust en die Nasionale Navorsingstigting om die swamkompleks wat wortel-, kroon- en stamvrot van mielies veroorsaak, asook die voorkoms in die grond, beter te kan verstaan. Deur in staat te wees om die swamspesies te identifiseer soos wat die plant groei en ook die invloed wat ander faktore daarop het te kan bepaal, sal help om tydige beheerstrategieë in plek te stel. Op die oomblik sluit die tegniek nie al die swamme in wat in die grond voorkom nie, maar met verloop van tyd kan daar meer qPCR's ontwikkel word om meer swamme in te sluit.

**Enige navrae kan gerig word aan dr. Aneen Schoeman by [BelgroveA@arc.agric.za](mailto:BelgroveA@arc.agric.za) of 018 299 6100**



Figuur 1: 'n Deursnit van 'n mieliewortel. Die pienk verkleuring dui op Gibberella-wortelvrot (*Fusarium graminearum*). Foto: Sonia-Mari Greyling



Figuur 2: Die verkleurde wortels van 'n mielieplant is 'n algemene simptome wat dui op wortelvrot.

Swam-iso-laai	Ander naam	Saad	Saailing	Wortel	Kroon	Stam	Blare	Kop
<i>Curvularia eragrostidis</i>	<i>Cachliobolus eragrostides</i>			x			<i>Curvularia</i> Blaarvlek	
<i>Exserohilum pedicellatum</i>		x	x	x				
<i>Fusarium chlamydosporum</i>				x				
<i>Fusarium equiseti</i>				x				
<i>Fusarium graminearum</i>	Gibberella	x	x	x	x	x		x
<i>Fusarium oxysporum</i>				x		x		
<i>Fusarium verticillioides</i>		x	x	x	x	x		x
Pythium-spesies		x	x	x		x		
Phoma-spesies	Roovrot			x		x	Geringe blaarvlek	
<i>Rhizoctonia solani</i>		x	x	x		x	Gebrande blaar- en skedevlek	x
<i>Trichoderma</i> -spesies				x				x
<i>Macrophomina phaseolina</i>		x	x	x	x	x		

Tabel 1: Die voorkoms van die algemeenste swam-isolate in navorsing op mieliewortels, -kroon en -stamme. Die voorkoms van die swamme op ander dele van die mielieplant word ook aangedui.

# DIT IS HOE ONS 'N GROEIENDE BEVOLKING GAAN VOED



## ! VINNIGE BEVOLKINGSGROEI VOEDSELPRODUKSIEBEDREIGING

**ONS PROBLEEM**

Teen **2025** sal daar **4 MILJOEN** meer mense wees om te voed.  
Dit is **7 MILJOEN** meer as **2010**.

**3427** babas word elke dag gebore,  
dit is **3** meer mense om te voed elke minuut.

**Klimaatverandering**  
**Beperkte en krimpende hulpbronne**  
**Plae**

<https://populationpyramid.net/south-africa/2025/>

<https://www.statssa.gov.za/publications/P0302/P03022015.pdf>

**✓ DIE OPLOSSING**

**GM-GEWASSE**

**Plantvarieteite wat die volgende bied:**

- Groter oes
- Doeltreffender gebruik van hulpbronne
- Insekverdraagsaamheid
- Onkruiddodenverdraagsaamheid
- Groter biodiversiteit
- Verhoogde opbrengs

Beter saad help boere om **meer te produseer, terwyl hul minder gebruik**

**😊 WAT KRY JY?**

**Voordele van GM-gewasse:**

- Verhoogde voedselsekerheid**
- Verhoogde volhoubaarheid**
- Verminderde kweekhuigasse**
- Afname in plaag- en onkruiddodergebruik**

**GENOEG GESONDE VOEDSEL**

20 jaar van produksie op meer as 2,5 miljard hektaar wêreldwyd

**GEEN NADELIGE GEVOLGE GEDOKUMENTEER**

Global in 2016 het 18 miljoen boere in 26 lande 185,1 miljoen hektaar GM-gewasse geplant. (ISAAA, 2016).  
Sedert 1996 is die gebruik van plaagdoders met 581.4 kg aktiewe bestanddeel verminder en die omgewingsimpak gemeet deur die omgewingsimpakkwasiënt (EIK-jaanwyser, het met 18.5% gedaal. (Brookes & Barfoot)



Besoek ons verwysingshulpbronne op sosiale media.



**Tel: 011 790-8200**  
customercare.sa@monsanto.com

# Beter beheer oor en bekamping van misbruik van teruggehoude saad

Sensako (Edms.) Bpk. strewre daarna om graan - en oliesaadproduksie en winsgewendheid te optimaliseer tot voordeel van produsente en verwerkers. Sensako is trots op sy tegnologies vooraanstaande telingsprogramme, wat 'n wye portefeulje van gewasse en kultivars insluit. Aangesien dit 'n aansienlike belegging verg om nuwe kultivars te ontwikkel, is die registrasie van planttelersregte, spesifiek ten opsigte van selfbestuierende gewasse soos koring en hawer van kardinale belang.

**P**lanttelersregte is 'n vorm van intellektuele eiendomsreg wat aan die houer daarvan sekere eksklusiewe regte verleen. Die houer van 'n planttelersreg word dus die reg verleen om derde partye uit te sluit van produsering, voorbereiding vir die doeleindes van voortplanting, verkope (of enige ander wyse van bemarking), uitvoer, invoer, of berging (van beskermde variëteite vir enige van die voorafgaande aktiwiteite) van saad.

Derde partye mag dus slegs aan die bogenoemde aktiwiteite deelneem indien hulle vooraf 'n lisensie van die planttelersreghouer bekom het. Dit bied aan saadmaatskappye die geleentheid om hul investering te verhaal.

'n Belangrike uitsondering ingevolge die PTR-wet, is die kwytskelding van produsente (die sogenaamde Farmer's Privilege/Exemption), wat produsente onder sekere omstandighede toelaat om deel te neem aan die bogenoemde beskermde aktiwiteite, maar slegs wanneer hulle die oorspronklike saad wettiglik bekom het, deelneem aan die aktiwiteite op hul eie perseel en slegs vir hul eie gewin.

Die oomblik wanneer 'n ongelisensieerde party betrokke is, of die aktiwiteit plaasvind op 'n ander perseel, word dit onwettig en beskou as inbreukmaking en 'n oortreding van die Wet op Planttelersregte. Indien 'n ongelisensieerde party (anders as die produsent) byvoorbeeld chemiese middele aanwend of saad voorberei deur graan namens die produsent skoon te maak, word dit beskou as "voorbereiding vir die doeleindes van voortplanting" deur

die derde party. Die sogenaamde Farmer's Exemption strek dus nie verder as die produsent tot 'n derde party nie.

Planttelersregte is die ruggraat van die saadindustrie, maar oop-bestuierende graan, weiding en grasse bied uitdagings vir saadtellers reg oor die wêreld. Sensako en menige ander saadmaatskappye beskerm en dwing hul intellektuele eiendomsregte af teen gewetenlose inbreukmakers, terwyl hulle terselfdertyd nuwe variëteite beskikbaar maak vir die landboubedryf tot voordeel van die nasionale belang.

Sensako se bekende hawervariëteit SSH 491 (*Avena sativa* L. Haver) word beskerm deur Suid-Afrikaanse planttelersregte registrasienommer ZA 20002300 ("die PTR") en verskyn ook op Tabel 8 van die Plantverbeteringswet. Dit beteken dat slegs saad wat gesertifiseer is ingevolge die bepalings van die Suid-Afrikaanse Sertifiseringskema van SANSOR, onderhewig aan sekere bepalings, verkoop mag word (bv. duidelike etikette).

Dit het vroeg in 2016 onder Sensako se aandag gekom dat Hygrotech SA (Edms.) Bpk. ongesertifiseerde saad van die beskermde hawer-variëteit sonder 'n lisensie verkoop. Graangewasse is nie Hygrotech se kernbesigheid nie en hulle het SSH 491 vanaf 'n ongelisensieerde derde party verkry. Nadat Sensako Hygrotech in kennis gestel het dat SSH 491 'n beskermde variëteit is, het Hygrotech dadelik regstellende aksie geneem deur hul klante sodanig in te lig.

Hierdie optrede was nogtans 'n oortreding van Sensako se planttelersregte aangesien SSH 491 steeds aanhou verkoop was as saad (teen saadpryse), hoewel onder 'n ander benaming. Hygrotech het daarna alle feite aangaande die verkoop van die SSH 491 ten volle aan Sensako geopenbaar en het 'n tantiem vir die inbreukmaking van 7,5% aangebied.

Sensako het die aanbod van die hand gewys op grond daarvan dat dit inbreukmaking van hul planttelersregte sal aanmoedig aangesien enige iemand dan kan inbreuk maak, en indien hulle uitgevang word, kan hulle verwag om slegs markverwante tantieme te betaal.

Ná etlike onsuksesvolle pogings om tot 'n vergelyk te kom, het Sensako die spesialis- intellektuele eiendomsregsfirma, KISCH IP, opdrag gegee om 'n dagvaardiging teen Hygrotech in die Suid-Afrikaanse Hooggeregshof uit te reik vir 'n interdik, skadevergoeding en koste.

Sensako en Hygrotech het intussen tot 'n vergelyk gekom waarin Hygrotech toestem tot 'n interdik wat hulle verbied om verder op die planttelersreg inbreuk te maak, asook oplewering van alle inbreukmakende hawermateriaal van hierdie variëteit in hul besit of onder hul beheer. Hygrotech betaal ook skadevergoeding en regskostes aan Sensako. Die partye het dus ooreengekom om die saak te skik en om die skikking 'n bevel van die hof maak.

Die besluit om te skik was aangevuur deur 'n respek van beide partye vir planttelersregte en die rol wat dit speel in volhoubare navorsing, asook 'n begeerte om saam te werk in 'n wedersydse voordelige manier, eerder as om mekaar te beveig in uitgerekte en duur litigasie.

Hygrotech het ook verklaar dat dit nie net Sensako se planttelersregte nie, maar planttelersregte en ander intellektuele eiendomsregte in die algemeen respekteer, en het intussen interne regstellende stappe geneem om 'n herhaling van soortgelyke ongewenste gebeure te voorkom.

Hygrotech gee sy volle samewerking aan Sensako en poog om produktief met Sensako saam te werk in die toekoms. Sensako is dankbaar hieroor en sien uit na 'n hernude en positiewe verhouding met Hygrotech.

# Ons noem dit 'die SENSAGO effek'

## Vordering deur navorsing



# We call it 'the SENSAGO effect'

## Progress through research

Sensako is South Africa's leading wheat breeder, and supplier of improved wheat seed varieties. For all your wheat seed requirements – plant Sensako for;

- Improved yield and quality potential
- Agro ecological adaptability
- Disease resistance
- Reduced input costs
- Peace of mind and nationwide affordable value for the farmer



**SENSAGO**  
Beproeft Genetika • Proven Genetics

Sensako is Suid-Afrika se voorste verskaffer van unieke koringkultivars en die leier in koringteelt.

Vir al jou koringaadvereistes – plant Sensako vir:

- Beter potensiële opbrengs en kwaliteit
- Agro-ekologiese aanpasbaarheid
  - Siekteweerstand
  - Minder insetkoste
- Gemoedsrus en bekostigbare waardetoewoeging vir die produsent.

Bethlehem Tel: +27 (0) 58 303 4690

Napier Tel: +27 (0) 28 423 3313

[www.sensako.co.za](http://www.sensako.co.za)

Dit gebeur dikwels dat vrektes op die plaas toegeskryf word aan vergiftiging. Daarom gaan ons in die volgende paar uitgawes artikels oor hierdie onderwerp dra. Kennis is mag, en hoe beter ons ingelig is, hoe beter kan ons voorsiening maak vir bedreigings wat ons boerdery in die gesig staar.



# Wees ingelig oor vergiftiging

deur prof. Gareth Bath, Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria ([gareth.bath@up.ac.za](mailto:gareth.bath@up.ac.za)) en dr. Faffa Malan, Veeartsenykonsultant ([dokfaffa@nashuaisp.co.za](mailto:dokfaffa@nashuaisp.co.za)); dr. Murray Smith, Reitz; Kobus du Plessis ([duplessisk@envirokonsult.co.za](mailto:duplessisk@envirokonsult.co.za)), direkteur Envirokonsult ([www.envirokonsult.co.za](http://www.envirokonsult.co.za)); Kobus du Plessis, Envirokonsult ([duplessisk@envirokonsult.co.za](mailto:duplessisk@envirokonsult.co.za)) [www.envirokonsult.co.za](http://www.envirokonsult.co.za) en dr. Willie Smith, voedingskundige, Animalia ([williesmith@iafrica.com](mailto:williesmith@iafrica.com))

## Geelsiekte

Geelsiekte kom op natuurlike veldweidings en veral op bergagtige ysterklipplase in 'n groot deel van die Karoo voor. Die rand van die ysterklipindringing lê noord van Beaufort-Wes, op die berge wat die platorand vorm. Noord hiervan is doloriet plek-plek baie algemeen en dit wys die gevaarplase aan. Geelsiekte kom ook op aangeplante weidings wat baie koper bevat, voor. Buite die Karoogebiede is weidings wat byvoorbeeld met hoender- of varkmis bemest word, veral gevaarlik.

Kopersulfaat moet gereeld in damme gegooi word om alge te beheer.

Dit is 'n gevaarlike praktyk as die water deur diere gedrink gaan word of as die water op weidings gespuit word. Koper teen te hoë vlakke kan in diere se lewer opbou. Dit kan ook die omgewing permanent besoedel. Skape veral, en spesifiek sekere rasse, is baie vatbaar vir 'n oormaat koper in die dieet of water. Koper bou op in die lewer totdat 'n gevaarlike vlak bereik word. Daarna word die koper uit die lewer vrygestel en dit veroorsaak dat die rooibloedselle bars. Skape kry daarna geelsug en vrek.

Ek sou geen kopersulfaat in water sit nie. Kontak 'n goeie igtioloog (viskundige) en vind uit watter visse kan jy in die dam sit wat die alge sal beheer.

## Voorkoms

By skape kom twee vorms van geelsiekte voor:

### Die vinnige vorm

Dit word selde aangetref en volg gewoonlik op die doelbewuste toediening van oormaat koper (veral blouvitriool – kopersulfaat) aan skape om mediese redes. 'n Oormaat kopersulfaat word ook soms in waterbronne gegooi om waterslakke (tussengashere van lewerslak- en peervormige slakwurms) te dood. Die skape ontwikkel dan strawwe dermonsteking en vrek binne ure – soms weliswaar eers binne dae – nadat die koper ingeneem is. Kenmerkend van hierdie vorm van vergiftiging is die strawwe dermkanaalontsteking en die donkergroen kleur van die derminhoud.

### Die stadige vorm

Hierdie vorm word dikwels aangetref. Dit is alleen "stadig" in dié sin dat ophoping van koper in die liggaam uit die dermkanaal oor etlike weke of maande geskied. Omdat dié ophoping van koper geleidelik geskied, word veral ouer skape (ses- tot agttand), maar veral slytbekooie, noodlottig aangetas. As die diere egter op kragvoer met 'n hoë koperinhoud vetgemaak word, kom geelsiekte by skape van enige ouderdom voor – selfs by lammers wat pas gespeen is.

## Oorsaak

Koper is vir alle diere 'n noodsaaklike spoorelement. Die skaap is egter uiters gevoelig vir 'n oormaat koper. Die samestelling van die veldweidings in die Karoo is sodanig dat dit opbou van koper in skape in die hand werk, ofskoon die weidings nie buitengewoon baie koper bevat nie. Dit is baie belangrik dat lewerwaardes van onder andere sink, selenium, molibdeen en swael bepaal moet word aangesien hulle in die regte verhouding tot mekaar moet wees.

Voer met 'n sekere koperinhoud kan vir ander diere heeltemal onskadelik wees terwyl dit vir skape noodlottige gevolge kan inhou.

Koper word uit die voer opgeneem en hoop geleidelik in die lewer op. Wanneer dit 'n gevaarlike peil bereik, kan selfs net 'n geringe stremmingstoestand veroorsaak dat die koper skielik weer in die bloedstroom vrygestel word. Dit kan dan lei tot die grootskaalse opbreek van die rooibloedselle, wat ernstige beskadiging van die lewer en niere tot gevolg kan hê. Diere vrek dus aan die gesamentlike uitwerking van ernstige bloedarmoede en die beskadiging van hierdie belangrike uitskeidingsorgane (die niere en die lewer).

Buite die Karoostreke is weidings wat met hoender- of varkmis bemest word, veral gevaarlik. Soms word skape met hoendermis gevoer. As die mis afkomstig is van hoenders wat rantsoene ontvang het wat hoë hoeveelhede koper bevat, kan geelsiekte ook ontstaan. Ander gebruike om die kopergehalte van voer te verhoog, sal eweneens bydra tot 'n verhoogde voorkoms van die siekte.

## Kliniese tekens

Diere wat kopervergiftiging onder lede het, kan sonder enige tekens skielik vrek. Aangetaste skape bly agter as die trop aangejaag word; so nie staan hulle een-een doelloos rond.

Die slymvliese van die oë en die bek vertoon soms vuilgeel, maar die uriën is altyd rooi tot bruin of swart. Diere wat die eerste ure oorleef, verloor eetlus en kondisie. Net enkele diere oorleef die siekte en herstel geleidelik.

## Nadoodse tekens

By nadoodse ondersoek is die borriegeel tot vuilgeel voorkoms van die karkas opvallend. Die lewer is bros en geel, terwyl die derminhoud hard, droog en soms bloederig is. Die niere is geswel en donker rooibruin tot swart verkleur.

## Diagnose

Lewer- en niermonsters kan vir koper en yster mikroskopiese voorkoms ontleed word om die diagnose te bevestig.

## Behandeling

As gevolg van die strawwe beskadiging van die niere en lewer, en die snelle verloop van die siekte, is behandeling gewoonlik onsuksesvol. Intensiewe behandeling, met insluiting van bloedoortappings en nierversakingsterapie, is in die meeste gevalle nie ekonomies lonend nie.

## Voorkoming

Gaan die koperinhoud van weidings waar vark- of hoendermis as bemesting gebruik word, noukeurig na. Bepaal ook die hoeveelheid koper in voer wat nie spesifiek vir skape bedoel is nie. Raadpleeg 'n deskundige.

Wanneer koper in die lewer ophoop, kan vergiftiging teengewerk word deur die gereelde toediening van sink- of molibdeenverbindinge. Toediening geskied deur lekkes, water of met behulp van inspuittings. Aangesien die hoeveelhede wat toegedien word, presies korrek moet wees en van plaas tot plaas verskil, is dit wenslik om 'n deskundige te nader. Honderd dele sink per miljoen dele van die totale kosinnome oor ses weke sal in die meeste gevalle voldoende wees. Die welslae van so 'n program kan bepaal word deur gereeld lewermonsters van slagskape vir ontleding na 'n veeartseny- of voedingslaboratorium te stuur.

**Bron: De Wet, J.A.L. en Bath, G.F. 1994. Kleinveesiektes. Tafelberg Uitgewers. ISBN 0 624 03203 5**

## Alge

Alge groei net in die teenwoordigheid van sonlig en plantvoedingstowwe soos fosfaat en stikstof. Alge beïnvloed die smaak en reuk van water, verstop pype en kan selfs toksies vir mens en dier wees. Beheer van alggroei in veesuiplings is dus belangrik.

Die alge moet verkieslik reeds in die stoordamme aangespreek word.

Jy kan na die volgende beheeropsies vir alge in stoordamme en suipkrippe kyk:

### 1. Chemiese beheer:

**Kopersulfaat** (blouvitriool) kan gebruik word teen 'n konsentrasie van 2 gram per 1 000 liter water in 'n stoordam. 'n 800 liter-krip kan met 1 gram kopersulfaat behandel word.

Los eers kopersulfaatkristalle ( $H_2SO_4 \cdot 5H_2O$ ) op in loutarm water voordat die oplossing in 'n trog of dam gegooi word. Voer koperoplossing by die inloop van die dam in en versprei rondom die dam sodat deeglike vermenging plaasvind.

Moenie die gewenste hoeveelheid kopersulfaatkristalle net so in die dam gooi nie. Los dit eers op in 'n emmer met loutarm water en loop rondom die dam en gooi eweredig in die dam.

Skape het 'n laer toleransie vir koper as beeste. Wees dus maar versigtig as jy skape ook by hierdie krippe laat suip.

Onthou, koper is korrosief en sal mettertyd metaalkrane en ander metale laat roes. Koper kan visse laat vrek in die stoordam. Kopersulfaat sal heelwaarskynlik by jou plaaslike koöperasie beskikbaar wees.

**Waterstofperoksied** (50 of 70%  $H_2O_2$ ) kan ook gebruik word. Hierdie produk sal geen nadelige werking op jou vee hê nie en is baie effektief vir algebeheer. Jou koöperasie sal waarskynlik nie voorraad dra nie, maar Protea Chemicals op die Rand verkoop dit in 20 liter dromme.

**Jik** (ongegeur) kan ook gebruik word vir algebeheer, maar sal waarskynlik duur uitwerk. Gebruik 25 ml per 1 000 liter water.

**Sinksulfaat** kan gebruik word deur 'n oplossing van 250 mg in 5 liter loutarm water op te maak. Dien 500 ml van die oplossing per 1 000 liter water toe.

### Biologiese beheer:

Plaas 'n baal **garsstrooi** in die stoordam. Garsstrooi skei 'n verbinding af wat alggroei inhibeer. Resultate sal eers na

sowat 'n maand tot ses weke sigbaar wees aangesien verbinding nie die alge doodmaak nie, maar verhoed dat hulle vermeerder. Alge sterf dus na ses weke af en die nuwe generasie kan as gevolg van die teenwoordigheid van die inhibitor nie weer begin groei nie. Jou garstroobaal behoort die dam vir ses maande en meer algvry te hou. Hierdie metode is uiteraard veilig vir jou vee met minimale koste. Garstrooi sal in die Wes-Kaap en Vaalharthart beskikbaar wees.

### 3. Fisiese beheer:

Jy kan ligindringing in jou stoordamme beperk deur 80% skadunet daarvoor te span. Dit sal ook verdamping verminder en algroei beperk.

### 4. Meganiese beheer:

Skrop jou damme minstens een keer per seisoen met 'n kopersulfaatoplossing en laat die dam droog word voordat dit weer gevul word met water. Dien jou algbeheermiddel direk na opvulling toe en herhaal behandeling elke vyf tot ses weke.

Dit blyk ook dat nie enige garstrooi werk nie. Ek het in die verlede garssaad van daar onder (Suid-Kaap) "ingevoer" en verbou om uitsluitlik in eendedamme vir slykbeheer te gebruik. Dit het nie gewerk nie, alhoewel die een baal wat 'n vriend vir my van die Kaap af gebring het, het voorheen baie goed gewerk. Die verskil blyk toe te wees dat ek die graan eers heeltemal ryp laat word het voor dit gestroop en die strooi gebaal is. In die Kaap word die gars blykbaar afgesny voordat dit heeltemal ryp is en in windrye laat lê voordat dit verder goeos word.

Daar is heelwat faktore wat die geskiktheid van water vir die aanwending as drinkwater vir vee, pluimvee en ook akwakultuur beïnvloed. Water kan "skoon" voorkom en dan chemies en bakteriologies totaal ongeskik wees vir aanwending vir veesuiping. Andersins kan baie troebel of "vuil" water weer geskik wees vir veesuiping. Daar bestaan riglyne vir die geskiktheid van water vir vee en akwakultuur.

Om die vereistes waaraan water vir veesuiping moet voldoen, uiteen te sit, is moeilik, want daar is 'n legio faktore wat in gedagte gehou moet word. Watter diere (spesies) benut die spesifieke waterbron? Hoe oud is die diere? So het kameelperde al gevrek omdat hulle toksiese alge saam met hul water ingeneem het, terwyl ander wild wat van dieselfde water gedrink het, absoluut niks oorgekom het nie.

Die vraag is nou is kameelperde meer sensitief vir hierdie alge se mikrotoksiene? Die antwoord is nee, die kameelperde het aan die kant van die dam gedrink omdat hulle nie hul voete wil natmaak as hulle suip nie, terwyl die ander diere in die water ingeloopt het om te suip.

Die kameelperde het derhalwe die hoë konsentrasie alge ingeneem wat teen die kant van die dam gekonsentreer was.

Hierdie is 'n voorbeeld waar selfs die gedragpatrone van 'n spesifieke spesie 'n invloed op die geskiktheid van 'n spesifieke waterbron het.

Boere is oor die algemeen nie baie bedag op watergehalte as hulle 'n plaas aanskaaf of besluit op 'n produksie-eenheid nie. Dis baie jammer, want net soos jy na jou weiding moet omsien, moet jy weet waarvoor jou beskikbare water geskik is en hoe jy hierdie waterbron moet bewaar om die maksimum in terme van kwantiteit en kwaliteit daaruit te verkry.

Die heel eerste stap in die evaluasie van 'n waterbron

is 'n chemiese en bakteriologiese analise deur 'n waterlaboratorium. Die tweede stap is die evaluasie van die watergehaltetoetse deur 'n waterspesialis. Die watergehalte-kriteria vir besproeiingswater, veesuiping en akwakultuur verskil heelwat en die interpretasie van watergehaltetoetse vereis kundigheid in die veld. Hierdie toetse is soos 'n bloedtoets vir mense. Dit gee vir 'n waterwetenskaplike 'n baie spesifieke aanduiding van die status van die waterbron, met ander woorde: is die water gesond of geskik vir die spesifieke aanwending waarvoor dit geoormerk is. Die waterspesialis sal 'n opinie gee omtrent die geskiktheid vir aanwending van die water en ook aanbevelings kan maak of daar suiweringsaksies nodig sal wees om die watergehalte op 'n aanvaarbare vlak vir 'n spesifieke aanwending te kry.

## Is daar spesifikasies vir water wat geskik is vir verskillende gebruike?

Ja, hierdie riglyne beslaan volumes (te veel en uiteenlopend om hier aan te spreek). Ons kan kyk na watergehalte vir huishoudings, besproeiing, veesuiping en akwakultuur. Moontlik ook hantering van alge in kanale en plaasdamme en dies meer.

## Waar kan ek water laat toets?

Kontak Envirokonsult by [info@envirokonsult.co.za](mailto:info@envirokonsult.co.za) of stuur 'n faks na 012 349 1795.

## Watter probleme het julle alreeds met drinkwater vir vee gevind?

Probleme met mikrotoksiene van *Microcystis* sp. (toksiese blougroen alge of eerder cyanobacteria), swaar metale en natuurlik hoë konsentrasies sout. Virusse is 'n probleem in pluimvee batterye, ens.

## Is dit moontlik om drinkwater skoon te maak?

Alle water kan gesuiwer word tot op drinkwaterstandaard. Die graad van ongeskiktheid sal egter bepaal of dit koste-effektief gedoen kan word.

## Die minimum en maksimum pH-standaarde van drinkwater vir plaasdiere word as 5,5 tot 8,5 aangegee.

Indien looisuur vanuit die wattelboomwortels in die drinkwater kom, sal dit benewens om die pH te verlaag, waarskynlik dieetaminosure kan bind, wat tot verlaagde groei kan lei.

Yster is 'n bekende antagonis van essensiële spoorelemente soos sink, mangaan, selenium en koper. Hoë ystervlakke in die drinkwater of dieet kan essensiële spoorelemente bind wat ook tot verlaagde groei, asook verlaagde immuniteit kan lei.

Socha et al., (2003) gee die maksimum verdraagsame vlak vir yster in drinkwater van lewende hawe aan as 0,4 dele per miljoen (dpm).

Hierdie artikel is 'n samestelling van artikels wat verskyn het op [www.landbou.com](http://www.landbou.com)



# BE A

# POWER MASTER

ALWAYS BE IN CHARGE WITH THE  
WATER PUMP RANGE FROM POWER MASTER



SRWP20  
2" PETROL WATER PUMP

**POWER MASTER**<sup>TM</sup>  
*keeping you in charge*

Power Master is available from participating agricultural retail stores.

Exclusively distributed by  Agrinet and supported by a national service network.

# Hou kraaie

## só in toom



Baie boere vind kraaie 'n baie intelligente en oppurtunistiese voëlspe, maar die meeste mense stem ook op 'n ander punt saam, naamlik dat dit 'n plaag is en dat die getal- le beheer moet word. Met elke kraai wat uit die weg geruim word, red ons omtrent vyf tot sewe dosyn kuikens van ander voëls, eende, ganse, ensovoorts.

### Voorbereiding vir die kraai-jagtog

Om kraaie te jag, moet die jagter egter die kraai se gewoontes en bewegings ken en weet wat hulle lok sodat die jagter hulle kan uitoorlê. 'n Goeie wegkruipplek of hinderlaag moet opgestel word, en kamoeflering is uiters belangrik, net soos jou omgewing, die geluide wat jy maak en windrigting – al hierdie fynere puntjies kan jou sukses tot die kraaijagtery bepaal.

Om mee te begin moet jy 'n swerm kraaie dophou, hul gewoontes leer ken en vir 'n dag lank kyk watter roetes hulle die meeste vlieg. Alle kraaie het een gewoonte en dit kan tot sy ondergang lei: Hulle hou daarvan om baie stadig oor boomtoppe te vlieg of te sweef. Hulle doen dit om te sien waar ander voëls se neste is, en hoe meer jy hulle dophou, hoe meer sal jy leer. Deur hulle dop te hou, gee vir jou wat nodig is om hulle te jag.

Sodra jy die kraaie se vlugroetes van voorkeur bepaal het, is dit tyd om jou wegkruipplek te bou. Moet nooit 'n struktuur met 'n vaste vorm met hout of staal met kamoefleernet maak nie, want dit is onnatuurlik, en kraaie is lugtig vir sulke konstruksies. Gebruik daardie bome waarheen kraaie gereeld kom, kruip in die skaduwee weg, bedek jou gesig en hande (want dit blink in die lig) en sit doodstil.

Dit is belangrik dat jy jouself áltyd só posisioneer dat jy in dieselfde rigting kyk waarin die wind waai. Die rede daarvoor is dat alle voëls, wanneer hulle 'n plek nader, daarvan hou om wind onder hulle vlerke te hê wat hulle dra. So, die jagter sal op die ideale plek wees as hy die voëls na die boomtoppe toe sien aankom met die wind onder hulle vlerke wat hulle baie meer ontspanne sal maak. Probeer jou bes om windaf te kyk.

Breek dooie boomtakte af en sit hulle oor jou, maar moenie jou uitsig belemmer nie. Hoe minder jy jou lyf met die takke soos 'n lyf kan laat lyk, hoe beter. Probeer ook om nie in die son te kyk nie, want dit sal jou verblind. As jy daar onder die bome sit, is jy meer gekamoefleer as jy direk voor 'n dik boom sit sodat jy daarteen kan terugleun. Gebruik kamoefleerdrag in soortgelyke skakerings as die bome of skadukleure en as jy 'n diereroeper is, gebruik 'n goeie kraairoeper.

Vir roepoerusting gebruik ek 'n paar van die beste wildroepe op die planeet, naamlik Lohman, MAD, Haydel's, TNTGame Calls en Wiley's. Ek gebruik 'n Lohman-model P-1-roofdierroeper en 'n kraairoep van MAD Calls, beide van Kolpin Sports in die VSA. Ek gebruik ook 'n plaaslike produk wat by ons by Feather & Fur gemaak word. Dit maak baie realistiese volwasse en babakraaiklanke, en het 'n sagte rubberbuis wat jy kan druk om ander klanke te maak. 'n Wiley's-kraairoep is baie soortgelyk, en dit het 'n lekker rubberomhulsel. Ek gebruik ook 'n Cass Creek of Foxpro-elektroniese eenheid met kraaiklanke wat op die internet beskikbaar is.

Nog 'n wenk is om roofdierroepe te gebruik om kraaie te lok. Onthou, 'n kraai is net soos 'n jakkals. Albei is baie opportunisties, so wanneer 'n kraai 'n dier in nood hoor, kom kyk hulle oor die gebied. As jy 'n roofdierroep gebruik, sal die kraaie reageer, want hulle weet dat nadat 'n roofdier byvoorbeeld 'n haas gevang het, gaan daar vir hom wat kraai is, ietsie te eet wees. Ek gebruik 'n Circe Lohman P-1 "distress call" vir hierdie doel.

Op die ou einde hang dit af van hoe baie kraaie daar in jou gebied is. Onthou net om doodstil te sit.

## Lokvoëls en kamoeflering

In Suid-Afrika is dit nie so maklik om kraai-lokvoëls (lokkraaie) in die hande te kry nie, daarom maak ek my eie uit 'n stuk spons wat ek sny. Ek maak die lokkraai effens groter as die witborskraai, want dan kan dit makliker van ver af gesien word. Wanneer die kraai nader vlieg en sien dat sy neef so 'n effe te groot is, is dit te laat.

Moet ook nie van 'n uil as lokvoël vergeet nie. Kraaie haat uile en sal somer aggressief raak as hulle 'n lok-uil sien. Plaas die lok-uil op 'n heining se paal so 10 m van jou posisie af. Hou maar somer genoeg haelpatrone byderhand, want daar gaan baie aksie wees as jy baie kraaie op jou eiendom het.



Kraaie sien in volkleur, daarom is dit baie belangrik dat jy kamoefleerdrag dra wat perkfek by die omgewing inskakeer.

Dooie kraaie kan ook as lokvoëls gebruik word solank jy hulle lewend kan laat lyk en hulle op 'n heining kan laat "sit".

Ek het gevind dat dit nie nodig is om baie lokkraaie te gebruik nie. Een is heeltemal voldoende en sal al die aandag trek wat jy nodig het. Ek het al tot 20 kraaie binne een uur nadat ek geroep het doodgeskiet met net een lokkraai. 'n Goeie lokkraai tesame met jou realistiese klanke sal vir jou welslae besorg.

Nog 'n lokmiddel wat ek eendag uitgedink het terwyl ek kraaie geroep het, is om drie ballonne op te blaas – sowat drie duim in grootte. Bind die punte toe en sit hulle in 'n swart sokkie met 'n stuk wit papier, so twee duim breed, wat jy aan die bokant van die sokkie (die nekarea) vaskram. Bind dié "lokkraai" aan 'n heining vas. Bind dan dun vislyn aan die sokkie vas. Dié lyn neem jy saam tot daar waar jy wegkruip. As jy 'n paar kraaie gewaar, trek jy aan die lyn om die "lokkraai" te laat beweeg. Dit werk!

As jy al ooit die geraamte van 'n kraai bekyk het, sou jy sy groot oogkaste gesien het. Dit verduidelik hoekom hulle so goed kan sien.

Wanneer jy 'n kraai of 'n klompie kraaie na jou posisie toe sien vlieg, verminder die volume van die roeper. Bly doodstil en moenie beweeg nie. Laat die kraai inkom, en as jy korrek geposisioneer is, behoort jy hulle op 10 meter te kan skiet. Die kraai sal op 'n stadium stadig oor die bome vlieg of sweef, so wag vir 'n oop skoot en trek die sneller. Moet nooit dadelik opstaan nie. Geweervuur en die skokeffek, byvoorbeeld, sal baie keer die ander kraaie verwar. Wees gereed, want baie keer vlieg die ander kraaie nie weg nie, en kan dit jou genoeg kans gee om weer te skiet. Dit gebeur veral met witborskraaie. Hulle vlieg amper nooit weg ná geweervuur nie en is verward – solank hulle jou net nie gesien het nie.

As jy "slim" kraaie het wat buite skietafstand bly, probeer 'n dooie voël uit jou skuilplek gooi tot in die oopte wanneer hulle in jou rigting kyk. Dit sal hulle nader bring, omdat hulle wil kom kyk wat so pas gebeur het.

Die lokvoël is altyd 'n goeie idee omdat kraaie die lokvoël van verder af kan sien, baie verder as wat hulle jou kraairoep gaan hoor. Dit is hoekom ek my lokvoël groter maak.

Die kamoeflering wat ek gebruik, is klere met tipiese skakerings van die terrein waarin ek beweeg. Kraaie sien volkleur, so dra kleure wat goed inpas by die omgewing. Ek gebruik eerder sogenaamde "seclusion camo" met masker en handskoene, of die uitstekende Natgear Natural-kamoeflering en die standaard Real Tree Advantage met grys en bruin kleure. Onthou, die gesigmasker en handskoene is uiters noodsaaklik.

Onthou ook om 'n kussing te vat om op te sit aangesien jy moontlik vir 'n lang tyd sal moet wag. Probeer voor 'n dik boom met skaduwee sit wat die menslike vorm kan opbreek.

Dit loon om goeie kamoeflering te gebruik! Ek verkies om die waarheid te sê om 'n stel "bibs" te dra omdat dit los en gemaklik is.

## ALGEMEEN

Deur 'n kraai se gewoontes te bestudeer, sal jou gou leer hoe om jouself in te rig in hul gebied. Om kraaie oor 'n lang distansie te skiet, is ook 'n opsie. Deur hulle egter met 'n lokvoël te flous, bring hulle na jou toe. Die meeste kraaie wat ek nog vanaf een vaste punt geskiet het, is 21 kraaie binne 'n uur.

As jy by die boomtop kan uitkom en jy kan die lokvoël daar plaas, kan dit jou ook 'n paar skote besorg. Maar elke area is verskillend, so bestudeer die kraaie en hulle bewegings.

Ek gebruik ook ons plaaslike CD van kraaie wat baklei. Dit klink werklik soos kraaie wat baklei. Dit is ook 'n goeie lokmiddel. Maar dit maak nie saak watter styl jy gebruik nie, dit bly 'n uitdaging om hom te uitoorlê.

Wanneer jy jou inrig om kraaie te jag, bekijk die area waar jy jag mooi. Loop weg daarvandaan en kyk van 20 m af terug. Let op na die skaduwees, digte dekking en ook na die plek waar jy die lokvoël wil plaas. Plaas dit op 'n plek wat maklik sigbaar is. Ek probeer altyd om dit so naby as moontlik aan my te sit, want dit beteken die kraaie gaan nader aan my kom. Die een area waar ek kraaie skiet, skiet ek op omtrent 7 m. Die lokkraai word op 'n heining reg voor my sitposisie geplaas.

As jy soos ek 'n dag beskikbaar het voor die aankoms van nuwe jagkliënte, neem 'n geweer, 'n lokvoël en gaan ontspan onder 'n paar bome by jou gunsteling aanvalplek. 'n Man kry baie tyd om te dink so op jou eie tussen die bome, en jy jag nog steeds. Ek het gevind witborskraaie word die maklikste gejag op warm dae tussen tienuur soggens en tweeuur in die middag. Die winter is nie 'n goeie tyd nie, en jy het warm dae nodig.

Koeëlgewere is 'n opsie, maar dis nie regtig nodig as jy behoorlik jag met 'n lokvoël en roepe nie. 'n Kraai sal nie sommer kom sit nie. As 'n kraai op die grond kom sit, moet jy weet dat daardie plek vir hom geen bedreiging bied nie. Hulle is baie oplettend vir vreemde en nuwe strukture, so as dit nie 'n normale opset is nie, sal 'n kraai nooit kom land nie. Partykeer sal 'n kraai naby sy vriend wat so pas uit die lug uit geval het met 'n klomp donshael in hom kom land, en dan het jy dalk 'n kans, maar ek sou sê los die koeëlgewere by die huis. Ek sou sê in my laaste 25 kraaijagtogte het ek nog net een kraai gesien wat geland het en my 'n kans op so 'n skoot gegee het.

Deur rug aan rug met haelgewere te sit, het jy die kans om jou "agterdeur" dop te hou, aangesien die onwaarskynlike voël van die ander rigting vandaan kan kom as wat jy beplan het wanneer jy met jou gesig sit in die rigting waarin die wind waai. Maak seker dat jou haelgewere ingestel is sodat jy kan weet hoe dit skiet.

Vir elke kraai wat jy skiet, red jy dosyne babakuikens van ander voëlspesies en ook party diere. Daarom help die uitwissing van die oorbevolking van kraaie met bewaring. Dit baat nie om eiers te vergiftig en te wag dat die kraaie dit eet nie, want daardeur gaan hoevele ander wildlewe wat van die kraailyke op die plase lewe, ook uitgewis word.

## Die kraairoep

Kraairoepe is baie gewild in Amerika. Baie vervaardigers van wildroepe maak 'n kraairoep, baie mense in Amerika jag kraaie en die mark vir kraairoepe is groot daar. Ons by Feather & Fur is die eerste en enigste maatskappy in Suid-Afrika wat kraairoepe tesame met ander roofdier- en

bokroepe maak. Die Amerikaanse kraai klink anders as ons witborskraai. Daarom moes ek 'n ander klankbuis ontwerp om die witborskraai te na-aap. Ons het tans 'n kraairoep wat soos kraaiuikens klink én dié wat soos volwasse kraaie klink.

## Kraairoep-wenke

- Ek sal met die belangrikste wenk van almal begin. Wanneer jy by die jaggebied aankom, stel jou elektroniese eenheid op, trek jou kamoefleerdrag aan, hang die roepe om jou nek en laai dit, trek handskoene aan en kry jou sitplek gereed. Nou eers haal jy jou lokkraai uit sy wegsteekplek en gaan sit dit waar jy dit wil hê. Wanneer jy in die oopte daarmee uitstap, maak eers seker dat daar geen kraaie is wat jou daarmee sien nie. Ek steek myne altyd in 'n sak weg wanneer ek na die jaggebied stap sodat die kraaie dit nie kan sien nie. Sit dit nou neer en draf terug na jou skuilplek toe, gaan sit, bedek jou gesig, tel jou haelgewere op en druk die speelknoppie op die elektronika. Hierdie wenk is baie belangrik. Moenie laat hulle jou met die lokvoël in die hand sien nie! En probeer jou bes om nie die eerste kraai waarna jy skiet, mis te skiet nie. Dit blyk 'n negatiewe effek op die res van die jagtog te hê.
- Plaas 'n paar hoendereiers op die grond sowat 5 meter van jou lokvoël af, of sit 'n speelgoedbokkie as lokmiddel sowat 10 m van jou skuilplek af, soos ek maak. Dit werk. Plaas dit sowat 7 m voor die witborskraai-lokvoël van spons. Bind 'n paar vars dooie kraaie op die heining vas sodat dit lyk of hulle lewend is. Gooi dan bloedrooi tamatiesous op die grond naby die speelgoedbokkie sodat dit kan lyk of hy beseer is.  
  
Dit sal die kraaie mal maak! Al wat jy nou hoef te doen, is om die speelknoppie op jou roeper te druk sodat die partytjie kan begin. As jy 'n dooie bokkie kan kry waarvan die ribbes uitsteek, kan jy selfs dit naby jou wegkruipplek neersit. Gooi hier ook rooi sous sodat dit soos bloed kan lyk. Dit sal ook help om meer kraaie te lok.
- Ek blaas 'n paar verskillende kraairoepe terselfdertyd sodat dit soos 'n klomp kraaie kan klink. Ek gebruik ook die Haydel's-kraairoep wat soos 'n valk klink as jy hom dwars draai. Kraaie haat valke. As jy van diep in jou keel af blaas, klink die roep soos 'n baie volwasse kraai, en as jy normaalweg blaas, klink dit soos 'n babakraai. In Suid-Afrika gebruik 'n mens die babakraaigeluide in Desember.
- Doen spesiale moeite met die area waar jy sit. Verwyder alle papiere of blink goed soos ou blikkies, ensovoorts. Maak seker jy kan goed sien en kyk dat geen takke jou loop belemmer nie.
- Jy sal vind dat nadat jy op 'n paar kraaie geskiet het en 'n paar getref het, die ander nie sal wegvlieg nie. Hulle lyk verward. Hulle vlieg dikwels ná die eerste skoot meer rond en dan kan ek nog drie tot vier in die proses skiet. Dit is 'n baie vreemde verskynsel, maar dit werk in die jagter se guns. Dit gebeur natuurlik omdat hulle nie weet dat jy daar naby wegkruip nie!

# Roer jou pitte **SE LITTE**



Saam met jou van  
**DIE WOORD  
"GO"**

Gee jou mielies daai ekstra myl met DuPont® Pioneer®-produkte

Tel: +27 12 683 5700 | [www.rsa.pioneer.com](http://www.rsa.pioneer.com)

© 2016 PHIL.

Die DuPont Ovaal Logo is 'n geregistreerde handelsmerk van DuPont.

®, SM,™ Geregistreerde handelsmerke van Pioneer.



## Wenke in die veld geleer

- Jag op verskillende plekke waar kraaie voorkom. Moenie te dikwels na dieselfde plek toe gaan nie. Hulle word bewus van jou.
- Indien moontlik, gebruik twee luidsprekers sodat jou roepe in verskillende rigtings gaan.
- Maak jou lokvoël op die heining vas sodat hy sywaarts windaf kyk, want dan gaan meer voëls hom op 'n afstand kan sien.
- Maak jou lokvoël 'n bietjie groter as 'n regte kraai sodat hulle dit makliker op 'n afstand kan sien.
- Gebruik nommer 3 haelkorrels vir witborskraaie of nommer 1 in 'n haelgeweer vir langer skote.
- Wees geduldig en gereed vir 'n kraai wat op sy eie inkom.
- Jy sal gou sien watter kraaie is nie "slim" nie. Hulle vlieg sommer reguit in.
- Kraaie wat jy misgeskiet het, sal op 'n afstand bly – baie slim!
- Die beste tye om te skiet is op warm dae rondom tienuur soggens tot omtrent halfdrie in die namiddag.
- As jy op die plaas bly, hou kraaie en die roetes wat hulle die meeste vlieg dop, en stel dan jou wegkruipplek daar naby op. Ek laat die elektroniese toerusting die hele tyd wat ek daar op die jagpunt sit, loop. Ek skakel dit nooit af nie. Stel net die volume sagter wanneer die kraaie nader kom. Posisioneer jou haelgeweer in die lug op sodat jy nie baie hoef te beweeg wanneer hulle opdaag nie.
- Sit rug aan rug as jy 'n jagmaat het om dié kraaie wat van die ander kant af aangevlieg kom, ook te kry. Hulle is soms lekker skelm.
- Probeer 'n jagdierklank. Dit werk soms beter as die kraairoeper.
- Oefen om 'n roep te blaas met die roeper wat uit jou mond hang sonder dat jy dit vashou, sodat jy jou haelgeweer kan vashou.
- Posisioneer jou luidsprekers sowat 20 m uit mekaar indien jy twee luidsprekers gebruik.
- As jy 'n kraai skiet, moet hom nie op die grond laat lê nie, sit hom ordentlik neer.
- Skiet net wanneer jy seker is dit is 'n een skoot een dood-ratio.
- Maak seker jou kamoefleerdrag pas by die terrein en bly stil en bewegingloos (kraaie sien in volkleur!).
- Kraaie is skepties oor nuwe strukture, so moenie 'n blinding sommer enige plek hang nie. Steek dit liever in die bome weg.
- Witborskraaie is opportunisties, so hulle gaan jou klank en daardie lokvoël kom bekyk. Wees dus voorbereid.
- Onthou, 'n kraai wat na jou toe aankom, is baie makliker om te skiet as een wat van jou af wegvlieg.
- As jy skape het, gebruik die dooie kraaie as aas in jakkalswippe, of sit hulle uit as kos vir bakoorkalkse of ander klein gediertes wat altyd op soek is na 'n maklike maaltyd.



Sandra, my vrou, het 15 witborskraaie binne 'n uur geroep. Let op na my handgemaakte lokvoël van spons, Mildred, en ons Suid-Afrikaanse elektroniese roeper. Die beste tyd om kraaie te roep, is die sosiale tyd net voordat hulle nese bou en broei, dit wil sê middel September tot November.

# Kruie

is nie net vir kosmaak nie



# Roosmaryn

Roosmaryn is sekerlik een van die gewildste kruie in die kombuis. Die opsies is eindeloos vir hierdie veeldoelige plant. Die blare kan vars of gedroog by enige dis gevoeg word, van hoender tot skaap tot groentegeregte. Die takke waarvan die blare verwyder is, kan gebruik word in plaas van 'n sosatiestokkie om heerlike sosaties te maak vir die braai. Of jy kan selfs die gedroogte takke tussen die kole gooi om al die gebraaide kos 'n unieke smaak te gee.

Selfs al is roosmaryn so gesog in die kookkuns, is een van die grootste redes om 'n roosmarynplant aan te skaf sekerlik vir sy medisinale gebruike. Die Antieke Grieke en Romeine het geglo dat roosmaryn 'n heilige plant is. Gedroogde roosmarynblare en roosmaryn-essensiële olies is in die vroeë Egiptiese grafkelders gevind. Gedurende die groot plaag was roosmaryn gebruik as 'n ontsmettingsmiddel.

## Plant en groei

Roosmaryn groei baie maklik in goed gedreineerde grond en in vol son. Propagering van roosmaryn gebeur geredelik deur duimgrootte stiggies in heuning te doop en dan in klam grond te sit. Dit is baie belangrik om jou roosmarynplant gereeld te snoei, anders raak die takke baie dik en hard en die blare word dan ook minder.

## Plantmaats

Aangesien roosmaryn meeste insekte die skrik op die lyf jaag, is dit 'n moet in die groente- en kruietuin. Dit floreer saam met, en bevorder groei van bone, wortels en kool. Dit verjaag wortelvlieg en koolwurms en sit slakke sommer vinnig ore aan.

In die volgende paar uitgawes ploeg ons met die kalwers van Leanie Naudé en Mariette Potgieter van die webblad [boervrou.co.za](http://boervrou.co.za) om vir lesers wenke te gee oor die talle gebruike van kruie. Indien jy, die leser, ook interessante kruie in jou tuin het, of meer inligting oor spesifieke kruie soek, kontak ons gerus sodat ons saam kan gesels.

Stiggies van kaal roosmaryntakkies kan in die grond gedruk word reg langs die stingels van nuwe saailinge om miswurms weg te hou van die saailinge se sagte stingels af.

## Voordele van roosmaryn

Roosmaryn het anti-inflammatoriese eienskappe en word vir epilepsie, artritis, diabetes en pyn aangewend.

Dit help met sirkulasie en kan daarom aangewend word om die bloeddruk te stabiliseer, haargroei te stimuleer, energievlakke te lig, depressie en angstigheid te verminder en 'n positiewe uitkyk aan te moedig. Dit verbeter ook geheue en konsentrasie.

## Maniere om roosmaryn te stoor

Hoewel roosmaryn dwarsdeur die jaar geoes kan word en die vars takkies dan dadelik gebruik kan word (dit is ook beter om die vars roosmaryn te gebruik), kan dit ook op die volgende maniere gestoor word:

- Droog: Droog die blare uit en maak fyn in 'n voedselverwerker of met die hand. Stoor in 'n lugdigte, gemerkte houër vir latere gebruik.
- Vries: Bind die stiggies aan mekaar vas met 'n lang tou, doop dit vir vyf sekondes in ongesoute kokende water, dan vinnig in yswater. Kap dit fyn op en verpak in gemerkte vriessakkies, net genoeg vir een gebruik per sakkie. Sit dit in die vrieskas en gebruik soos benodig.



# Kruie

## Kruie-apteek

Maak 'n roosmaryntee deur 'n duimlengte roosmaryntakke in 'n koppie kookwater te laat trek vir sowat 10 minute. Haal dan die takke uit en gooi heuning en/of suurlemoen by na smaak.

Hierdie tee kan vir die volgende kwale gedrink word:

- Om spysvertering te bevorder
- Om depressie te verbeter
- Verbeter geheue en konsentrasie
- Verbeter sirkulasie
- Verminder stres

Neem kennis dat hierdie tee in die geval van akute simptome nie vir langer as tien dae aaneenlopend, een koppie tee 'n dag, gebruik kan word nie. Dit is beter om eerder elke tweede dag 'n koppie roosmaryntee te drink vir langtermynbehandeling.

Hierdie tee kan gegorrel word om keel- en mondinfeksies te bestry en om die asem te verfris.

'n Infusie/tee kan by die badwater gevoeg word om velkondisies te verlig en om hare te laat blink en haargroei te bevorder as dit in die afspoelwater gegooi word. 'n Alternatief is ook om roosmaryn-essensiële olie by jou sjampoe of opknapper te voeg.

Nog ander gebruike van roosmaryn is om 'n treksel te maak deur 'n emmer vol roosmaryntakke te maak, bedek die takke met kokende water en laat dan afkoel. Haal dan die roosmaryntakke uit en roer seepoeier by die roosmarynatreksel. Hierdie mengsel kan dan in 'n spuitbottel gegooi word en aan enigiets gespuit word om insekte af te weer – van jou roosbome, groente tot matrasse en linne. Jy kan selfs jou vloere daarmee was.



## Waarskuwing

Moenie roosmaryn medisinaal gebruik indien jy ly aan kroniese hoë bloeddruk of kroniese hoofpyne nie. Aangesien roosmaryn menstruasie bevorder, mag dit ook nie medisinaal gebruik word tydens swangerskap en borsvoeding nie en ook nie indien menstruasievloei baie swaar is nie. Indien jy ly aan slapeloosheid, moet roosmaryn saans vermy word.



## tiemie

**Tiemie is sekerlik een van die gewildste kruie vrylik beskikbaar deesdae. Met sy wonderlike smaak is dit nie moeilik om agter te kom hoekom nie. Behalwe vir die diepte wat dit aan vis-, skaap-, hoender-, eier- of aartappelgeregte verleen, is dit ook 'n MOET vir die kruie-apteek. 'n Verskeidenheid van tiemie is beskikbaar, onder andere suurlemoentiemie (*T.citriodorus*), kruptiemie (*T.serpyllum*) en die gewone tiemie (*T.vulgaris*).**

## Plant en groei

Tiemie is 'n meerjarige plant wat goed gedreineerde grond en vol son benodig om te floreer. Dit is bestand teen droogte, hitte, ryp en sterk winde. Dis amper onmoontlik om dit nie suksesvol te laat groei nie! Selfs in potte op 'n sonnige stoep of vensterbank is tiemie heel gelukkig.

Tiemie kan voortgeplant word met saad, maar dit is die maklikste om steggies te maak of saailinge te plant. 'n Goeie dosis kompos aan die begin van die lente sal wonderre verrig om nuwe groei te bevorder.

Dit word aanbeveel om een maal in drie jaar die bestaande tiemieplant op te deel deur dit met wortelstelsel en al uit die grond te haal. Gebruik 'n graaf om die plant in kleiner dele op te breek sodat elke deel nog 'n stuk van die wortelstelsel aan het. Plant die kleiner plante weer in goed gevoede en gedreineerde grond.




# is nie net vir kosmaak nie



**Kruiptiemie (*T.Serpyllum*)**

## Plantmaats

Weens die feit dat tiemie 'n sterk insekafweerder is, kan dit met 'n geruste hart enige plek in die groentetuin geplant word, maar dit is veral voordelig vir rose, uie, kool, blomkool, brokkoli, aarbeie, tamaties, wingerde en vrugtebome



**Suurlemoentiemie (*T.Citriodorus*)**

## Voordele van tiemie

- Insekweerder
- Breek vetterige kosse af in die liggaam
- Antibioties
- Antibakteries
- Bevorder sirkulasie
- Versterk die immuunstelsel

## Maniere om tiemie te stoor

- Droog: Kruiptiemie en gewone tiemie kan gerus gedroog word aangesien dit nie smaak verloor in die drogingsproses nie. Suurlemoentiemie verloor wel sy smaak. Jy kan die blare droog en daarna fyn maak in 'n voedselverwerker. Stoor in 'n lugdigte houer vir latere gebruik in byvoorbeeld 'n tee of vir kosmaak.
- Vries: Net so heel saam met water in 'n ysbakkie. Of sit die blare saam met 'n bietjie olyfolie (of enige olie van jou keuse) in 'n voedselverwerker en verwerk tot 'n stywe pasta gevorm het. Hierdie pasta kan in klein hoeveelhede gevries word (ook in ysbakkies) en in kos gebruik word soos benodig.

## Kruie-apteek

- 'n Tiemietee kan gemaak word deur 15 tot 20 g gedroogde blare of 'n kwart koppie vars tiemie by 'n koppie kookwater te voeg en vir vyf tot tien minute te laat trek. Haal die blare uit deur dit óf deur 'n teesifflie te giet, óf die tee deur 'n plunjer te suig. Indien die smaak nie te watwonders is nie, voeg 'n teelepels heuning of suurlemoensap by. Die tee sal help vir seer keel, hoes, verkoue, hooikoors, asma, swak spysvertering, wingerdgriep, slapeloosheid, swak sirkulasie en mondinfeksies.
- 'n Paar druppels essensiële olie in die badwater sal help vir rugpyn, spierpyn, rumatiek en atleetvoet.
- Berei 'n gesig-stoombehandeling voor deur 'n koppie suurlemoentiemie-takkies in 'n groot bak of skottel te sit. Voeg nou 1,5 liter kookwater bo-oor die takkies. Buig met jou kop bo-oor die bak/skottel en bedek jou kop en die skottel heeltemal met 'n groot, skoon handdoek. Stoom jou gesig vir vyf minute om te help met die voorkoming van aknee, olierige vel en vergrote porieë.

## Waarskuwing

Moenie tiemie medisaan gebruik tydens swangerskap of borsvoeding nie.

Neem asseblief kennis dat die skrywers van hierdie artikel, Leanie Naudé en Mariette Potgieter, nie deskundiges is nie. Hierdie inligting is bedoel om algemene inligting aan u te verskaf. Moet asseblief nie uself probeer diagnoseer of behandel nie. Raadpleeg u geneesheer voordat enige kruieraat gebruik word. Hulle aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige nuwe-effekte nie.

**Bron: [www.boervrou.co.za](http://www.boervrou.co.za)**

# Sakata, vir bobaas- broccoli en blomkool

Sakata Saad is die wêreldleier wanneer dit kom by die teel en produksie van broccoli-saad. Sakata het oor die afgelope 100 jaar belê in intensiewe navorsing wat gelei het tot die produksie van variëteite wat produsente en verwerkers toelaat om broccoli van uitstekende gehalte te produseer. Uitstaande gehalte is tot almal se voordeel – dit verseker dat die produsent, handelaar, verwerker en uiteindelik die verbruiker 'n waardevolle produk ontvang.

## Broccoli, Parthenon

Parthenon is een van Sakata se "nuwe generasie"-variëteite wat die resultaat is van intensiewe navorsing en teelprogramme soos hierbo beskryf. Parthenon is in 'n klas van sy eie met sy uitsonderlike gehalte, uitstaande kenmerke en veelsydigheid. Dit is hoekom Parthenon die Europese en Amerikaanse broccoli-markte oorgeneem het en vandag baie belangstelling in Suid-Afrika wek.

Parthenon is baie aanpasbaar en kan in sekere areas regdeur die jaar verbou word. Parthenon se veelsydigheid maak dit geskik vir voorafverpakking, verwerking en vir die vriesmark. Parthenon beskik oor 'n baie hoë

opbrengspotensiaal met donkergroen koppe van uitstekende gehalte wat nie oopval wanneer dit te groot word nie. Die plant het 'n groot wortelstelsel wat minder stikstof benodig as meeste ander broccoli-variëteite. Die koppe sit diep in die plant wat dit beskerm teen wind, reën en sonskade.

## Blomkool, Eskimo

Net soos Sakata se broccoli-variëteite wek Sakata se blomkool ook groot belangstelling onder produsente. Die nuutste blomkool-variëteit, Eskimo, is besig om diep spore in die mark te trap. Eskimo is vir 'n aantal jare in verskeie areas reg oor Suid-Afrika geproef om seker te maak dat die variëteit in al die blomkool-streke van die land suksesvol geproduseer kan word. Die proefresultate het bewys dat Eskimo 'n baie aanpasbare variëteit is vir winterproduksie. Die tradisionele blomkool-variëteite neig om oop te val, wat die wit koppe blootstel aan sonbrand en daartoe lei dat die koppe geel verkleur net voordat hulle bekwaamheid bereik. Eskimo se uitstekende blaarbedekking maak seker dat die koppe beskerm bly vir 'n lang periode, wat aan die produsent 'n spierwit, bekwame kop lewer. Net soos met Sakata se broccoli, sit die koppe diep in die plant wat die koppe beskerm teen die elemente. Eskimo produseer groot plante met regop blare, wat seker maak dat koppe nie slegs deur die skudblare beskerm word nie, maar ook deur die buiteblare. Eskimo is hoofsaaklik 'n wintervariëteit, maar wys belowende aanpasbaarheid vir die oes van koppe wat bekwaam word aan die begin van die somer.

## Blomkool, Incline

Incline is 'n welbekende variëteit met groeikragtige, gesonde plante. Die blougroen blare is dik en weerstaan ryptoestande goed. Incline produseer groot, spierwit, koepelvormige koppe wat baie kompak is. Incline is baie aanpasbaar met uitstekende blaarbedekking en 'n baie hoë opbrengspotensiaal. Incline kan aan die einde van die winter tot in die lente gesaai word wanneer die uitstekende blaarbedekking 'n baie belangrike rol speel om gehaltekoppe te verseker.

Vir meer inligting oor Sakata se brassicas of die hele Sakata-produkreeks, skakel gerus die hulplyn by 0861 100 458 of besoek die webwerf [www.sakata.co.za](http://www.sakata.co.za).

Eskimo is baie aanpasbaar en beskik oor uitstekende blaarbedekking.



Incline is baie eenvormig met 'n baie hoë opbrengspotensiaal.



Parthenon se baie hoë gehalte en veelsydigheid maak van hierdie variëteit 'n markwenner.



**AFWYSENDE KLOUSULE:** Hierdie inligting is op ons waarnemings en/of inligting vanaf ander bronne gebaseer. Aangesien gewasprestasie van die interaksie tussen die genetiese potensiaal van die saad, die fisiologiese eienskappe daarvan en die omgewing, bestuurspraktyke ingesluit, afhang, gee ons geen waarborg – uitdruklik of deur implikasie – vir die prestasie van gewasse relatief tot die inligting gegee nie. Ook aanvaar ons geen aanspreeklikheid vir enige verlies, direk of as gevolg daarvan, wat te wyte aan enige oorsaak ook al mag ontstaan nie. Lees eers asseblief Sakata Seed Southern Africa (Edms.) Bpk. se verkoopvoorwaardes voordat saad bestel word.



# Sakata - kwaliteit groentesaad vir elke produsent




**Parthenon**



**Eskimo**



**Incline**



**SAKATA**<sup>®</sup>

PASSI<sup>o</sup>N in Seed

**MayFord**


Tel: 011 548 2800  
[www.sakata.co.za](http://www.sakata.co.za)  
e-pos: [info.saf@sakata.eu](mailto:info.saf@sakata.eu)

QUALITY

RELIABILITY

SERVICE

In Desember verlede jaar het die departement van gesondheid 'n uitbreking van die siekte listeriose onder mense bekend gemaak. Tot op hede is 61 mense reeds dood aan die siekte en 'n geskatte 727 is met listeriose besmet. Ook plaasdiere ly onder hierdie siekte wat tot hul dood lei. **Hannelie Cronjé** het gaan nalees oor die omvang en behandeling van die siekte.



Beskerm jou diere én gesin teen

# listeriose

## Wat is listeriose?

Volgens 'n artikel van dr. Faffa Malan, 'n veeartskonsultant, en dr. Marijke Henton, 'n bakterioloog van Vetdiagnostix, op die webblad [www.landbou.com](http://www.landbou.com) word listeriose veroorsaak deur 'n bakterium (kiem), *Listeria monocytogenes*.

“Drie sindrome kom voor, naamlik breinvlies- en breinontsteking (meningo-ensefalitis), aborsies of stilgeboortes en bloedvergiftiging (septisemie). Mastitis en oog- en oogslymvliesontsteking is ook al gesien.

“Die ontsteking van die brein en breinvliese word die meeste in herkouers gesien terwyl die bloedvergiftigingsindroom meer dikwels in enkelmaagdiere en jong herkouers voorkom.

“Dr. Marijke Henton, bekende bakterioloog, sê dat sy die kiem so een maal elke vyf jaar in haar laboratorium isoleer uit monsters wat sy ontvang.”

Volgens die artikel is van die gevalle wat al voorgekom het, vrektes in beeste en skape wat weggooi aartappels van swak gehalte gevreet het. Hierdie geval het in die koue Hoëveld van Mpumalanga in die winter voorgekom “aangesien die kiem daarvan hou om in lae temperature te vermeerder”.

Daar is ook onlangs listeriosekieme geïsoleer uit 'n breinmonster van 'n skaap uit KwaZulu-Natal, uit 'n mastitismonster van 'n melkkoei en dan ook uit 'n paar aborsies.

Blykbaar kom listeriose dwarsdeur die wêreld voor, maar dit word meestal aangetref in gebiede waar die temperatuur gematig en koud is, soos in byvoorbeeld



Nieu-Seeland, gedeeltes van Australië, Noord-Amerika, Europa en Groot Brittanje. "Kliniese siekte kom veral voor gedurende die laat winter en lente."

## Voorkoms van die kiem

"Die kiem *L. monocytogenes* kom wydverspreid in die natuur voor en is al geïsoleer uit 'n wye verskeidenheid gesonde en siek diere en voëls asook uit grond, water, riool, modder en kuilvoer. Die kiem kan ook voorkom op groente en vrugte. 'n Groot persentasie van gesonde skape en bokke is subkliniese draers van *L. monocytogenes* en skei die kiem in hulle mis en melk uit as hulle gestres word. Melk van diere móét gepasteuriseer word, want hierdie kieme oorleef bevrising en is 'n gevaar vir die mens. Vleis is uiters selds 'n bron van besmetting vir die mens. *Listeria* word deur die gaarmaak van vleis vernietig. Goeie higiënepraktyke, soos om rou vleis te skei van ander kosse wat rou geëet gaan word, is natuurlik belangrik.

"Listeriose word dikwels geassosieer met die voeding van swak gehalte kuilvoer met suurgehalte (pH) bokant 5,5. Dit is veral die bo- en sykante van die kuilvoersloot wat besmet is.

"Verlaagde weerstand van diere veroorsaak deur omgewingstoestande mag ook 'n rol speel in die voorkoms van listeriose. Nog 'n rede mag die wisseling van tande in jong skape in die vroeë lente wees waar die kieme met die tandsenuwee na die brein versprei."

## Kliniese tekens

"Die breinvlies- en breinontstekingvorm van die siekte kom meestal voor in herkouers. Die verloop van die siekte is gewoonlik twee tot drie dae in bokke, skape en kalwers en in volwasse beeste een tot twee weke.

"Aangetaste diere se koors styg eers waarna dit na normaal en onder normaal val. Diere is depressief, loop in sirkels en het inkoördinasie, hou die kop skuins, unilaterale verlamming van die gesigsenuwee wat vertoon as verslapping van die lippe, ore en ooglede kom voor. Die spiere van die kake en farinks verlam sodat diere nie behoorlik kan kou en sluk nie. Kos en slym hang by die bek uit. Uiteindelik tree algehele verlamming in en die dier vrek. Wat ook al gesien is, is fietsrybewegings van die voorpote (kan met hartwater verwar word), moeilike asemhaling, verlamming van een been en oogsglymvlies- en oogontsteking.

"Sporadiese aborsies is meer algemeen in beeste. Waar aborsies gedurende laat dragtigheid voorkom in koeie en ooie, sit die nageboorte gewoonlik vas.

"Septisemiese listeriose is die mees algemene vorm wat gevind word in fetusse en pasgebore herkouers en soms in enkelmaagdiere."

## Diagnose

"'n Voorlopige diagnose kan gemaak word op kliniese tekens en op histopatologiese ondersoeke van weefsels.

Bevestiging van die diagnose vind plaas as die kiem *L. monocytogenes* uit geaffekteerde weefsel geïsoleer word."

## Differensiale diagnose

Die artikel waarsku dat listeriose verwar kan word met ander siektes en kondisies soos byvoorbeeld "breinabsesse, sist op die brein (*Coenurus cerebralis*), loodvergiftiging, hartwater, CCN (vitamien B1-, tiamientekort), hondsdoelheid en ander bakteriese infeksies wat die brein aantast, soos *Histophilus somni*".

## Beheer

Die skrywers van die artikel sê "die kiem *L. monocytogenes* is vatbaar vir 'n wye reeks antibiotika. Die prognose is baie swak as senuweesimptome eers ingetree het. Bykomende ondersteunende behandeling moet deur jou veearts verskaf word totdat die dier self kan drink en vreet. Onthou om sagte beddegoed aan diere te verskaf om druksere te voorkom."\*



# Listeriose by mense

Volgens die webblad [www.wikipedia.org](http://www.wikipedia.org) is listeriose "'n bakteriële infeksie wat gewoonlik veroorsaak word deur *Listeria monocytogenes*, hoewel *L. ivanovii* en *L. grayi* in sekere gevalle aangemeld is.

*Listeria* veroorsaak volgens hierdie artikel by mense hoofsaaklik infeksies van die sentrale senuweestelsel (meningitis, meningoencephalitis, breinabses, cerebritis) en bacteremia in diegene wat immuunonderdruk is, soos swanger vroue, pasgebore babas en bejaarde persone, sowel as gastro-enteritis in gesonde persone wat erg besmet is.

*Listeria* kom oral voor en word hoofsaaklik oorgedra deurdat mense besmette voedselprodukte eet, waarna die organisme die dermkanaal binnedring om sistemiese infeksies te veroorsaak.

"Die diagnose van listeriose vereis die isolasie van die organisme van die bloed en/of die rugmurgvloeistof. Behandeling sluit in langdurige toediening van antibiotika, hoofsaaklik ampicillien en gentamicine, waarvoor die organisme gewoonlik vatbaar is."

## Tekens en simptome

Iemand met listeriose het gewoonlik koors en spierpyn, dikwels voorafgegaan deur diarree of ander gastroïntestinale simptome. Byna almal wat gediagnoseer is met listeriose, het indringende infeksie (wat beteken dat die bakterieë versprei van hul ingewande na hul bloedstroom of ander liggaamsdele). Die siekte kan tot twee maande nadat besmette kos geëet is, voorkom.

Die simptome verskil van persoon tot persoon, maar sluit in:

By hoë-risiko persone anders as swanger vroue: Simptome sluit in koors, spierpyne, kopseer, 'n stywe nek, verwarring, verlies van balans en stuiptrekkings.

By swanger vroue: Swanger vroue ervaar tipies slegs 'n ligte, griepagtige siekte. Infeksie tydens swangerskap kan egter lei tot 'n miskraam, stilgeboorte, premature geboorte of lewensgevaarlike infeksie van die pasgebore baba.

By voorheen gesonde mense: Mense wat voorheen gesond was, maar blootgestel was aan 'n baie groot dosis van listeriose kan 'n nie-indringende siekte ontwikkel (wat beteken dat die bakterieë nie in hul bloedstroom of ander plekke in die liggaam versprei nie). Simptome kan diarree en koors insluit.

## Diagnose en behandeling

Volgens die webblad [www.goeiehuishouding.co.za](http://www.goeiehuishouding.co.za) word die diagnose met behulp van 'n bloedtoets gedoen. In sekere erge gevalle kan 'n monster van rugmurgvog of urine nodig wees.

"Hoe die siekte behandel word, word bepaal op grond van hoe ernstig dit is.

Die meeste besmette pasiënte sal na verwagting binne sewe dae herstel.

Pasiënte met 'n gekompromitteerde immuunstelsel (swanger vroue, babas en bejaardes) sal meer intense mediese sorg nodig hê, wat gewoonlik 'n kursus antibiotika of vloeistof deur 'n binnearse drup insluit.

"'n Dieet van piesangs, rys, appelsous en roosterbrood en ander ongegeurde kosse wat nie die maag sal irriteer nie, word aanbeveel in die behandeling van listeriose. Dit is belangrik om gehidreer te bly deur helder vloeistowwe soos water en onversoete tee te drink terwyl jy herstel.

## Voorkomingswenke

Gaan altyd die vervaldatum op kosse na en eet dit voordat dié datum verstryk het.

Pas altyd goeie higiëne in die huishouding toe, veral in die kombuis. Was jou hande gereeld en maak seker breekware en messegoed is behoorlik skoon voor gebruik.

Moenie rou, ongepasteuriseerde melk drink nie.

Maak seker diereprodukte soos hoender, vleis en vis word deeglik gaargemaak voordat jy dit eet. Listeria kan in koue temperature oorleef; die enigste manier om seker te maak dit word vernietig, is deur blootstelling aan uiterste hoë temperature (met ander woorde om dit behoorlik gaar te maak).

Onthou ook om oorskiet- of kitskos te verhit totdat dit stomend warm is.

Dit is ook raadsaam om by die hoërisiko-groepe soos hierbo genoem, die inname van vleispatees en sagte kase soos feta, brie, camembert en bloukaas te vermy. Roomkaas, jogurt en maaskaas word egter as veilig beskou.

\* Bron: Coetzer, J.A.W. and Tustin, R.C. 2004. *Infectious Diseases of Livestock*, Oxford University Press.



## Hou ongenooide gaste buite!



Moenie toelaat dat huis- en tuinplae oorneem nie. Die Efekto produkreeks bied effektiewe oplossings wat maklik is om te gebruik vir die doeltreffende beskerming van jou huis en tuin.

### NO INSECT INDOORS SC

'n Piretroïed insekdoder as 'n suspensie-konsentraat vir die beheer van huishoudelike insekte. Beheer kakkerlakke, muskiete, vlieë, weeluisse, miere en vismotte in wonings, dierehokke en industriële persele.





Ons besef nie altyd hoe belangrik is wat ons eet vir ons algehele gesondheid nie. 'n Swak dieet het nie net fisieke siektes tot gevolg nie, maar kan ook daartoe lei dat ons gemoedsverteurings soos depressie beleef. **Hannelie Cronjé** vertel hoe 'n tekort aan vitamien B ons welstand kan beïnvloed.



## Vitamien B-tekort kan lyk soos

# depressie

**A**lmal van ons beleef tye wat ons sommer net nie lus het om die dag aan te pak nie, want ons plaas onself onder baie druk omdat almal van ons so baie balle in die lug moet hou. Daarom is dit net logies dat jou kersie soms voel of hy uitgebrand is, en jy net 'n paar dae wil wegvlug van alles en almal en net 'n stapel storieboeke of die diere van die wildtuin as geselskap wil hê.

Maar wanneer dit 'n allesoorheersende gevoel word, en jy regtig fisiek nie die krag het om op te staan nie, of as jy meer huil as lag, knorrig en ongeskik en uit voeling met die werklikheid raak, sit jy dalk met erge depressie op hande.

### Wat is depressie?

In 'n artikel op die tydskrif *Rooi Rose* se webblad (<https://rooiroselusternajou.wordpress.com>) skryf Maridi Jooste: "Depressie is die langtermyn gevoel van hartseer, moedeloosheid, ongelukkigheid of frustrasie. Wanneer dit 'n siekte word, sukkel die lyster om met hierdie oordonderende gevoelens 'n normale lewensbestaan te voer.

"Depressie kan veroorsaak word deur 'n chemiese wanbalans tussen die neurotransmitters in jou brein. Dit kan geneties oorgeërf word of ontstaan sonder dat een van jou ouers daarmee gesukkel het.

"Ook omgewingsfaktore of lewensgebeurtenisse soos trauma, die verlies van 'n geliefde of ander stresvolle lewensomstandighede kan dit veroorsaak. Dan kan dit ook 'n kombinasie van meer as een van hierdie faktore wees ... of doodeenvoudig 'n tekort aan vitamien B."

### Hoe kan 'n tekort aan vitamien B depressie veroorsaak?

Volgens navorsing speel "vitamien B 'n rol in die produksie van breinchemikalieë wat breinfunksies soos gemoed beïnvloed. Hoewel alle vitamien B's met breinfunksie, -flinkheid en gemoed help, word 'n gebrek aan vitamien B12 en B6 veral met depressie verbind. Vitamien B12 vorm 'n vetweefsel om jou senuweeselle wat nodig is vir die senuweestelsel om normaal te werk, terwyl vitamien B6 die brein help om die meeste te maak van sy neurotransmitters, insluitende serotonien (die "goedvoel-hormoon"). 'n Gebrek aan inositol (vitamien B8) kan egter ook lei tot 'n tekort aan serotonien, dopamien en norepinefriene en sodoende lei tot depressie".

Vitamien B bestry egter nie net depressie nie. Volgens die artikel is dit "ook belangrik vir sel-metabolisme en die onderhou van die sentrale senuweestelsel. Dit verminder ook aandagafleibaarheidsindroom. Dit bou die immunitietstelsel en help selgroeï en -verdeling. Sodoende bou dit nie net die rooibloedselle nie, maar help ook met die sigbare fisieke aspekte soos gesonde hare, vel en spiere".

"Donker sjokolade met sewentig persent kakao is ryk aan Vitamien B en help met vetverbranding, maak jou hare dikker en jou vel soepel.

"Vitamien B is versprei deur jou liggaam en moet konstant aangevul word, anders word dit uitgeskei in die urien. (Urien met 'n hoë konsentrasie vitamien B sal 'n groen/donkergeel kleur hê)."



# Wat veroorsaak 'n tekort aan vitamien B?

By vroue is daar veral drie oorsake van 'n tekort aan dié vitamien:

## 1. Die Pil

"'n Vitamien B6-tekort is veral algemeen by vroue wat die Pil drink. Dit breek vitamien B6 af en veroorsaak 'n energietekort, swakker breinfunksie en depressie. Hoewel min van ons daarvan bewus is, het studies bewys dat vitamien B-aanvullers wel saam met die Pil benodig word."

## 2. Vegetariërs

"Depressie, irritasie, spierpyn en naarheid is maar 'n paar van die vele gevolge van 'n vitamien B12-tekort. Vegetariërs is geneig om hiermee te sukkel aangesien vitamien B12 selde in plante voorkom en meer volop is in vleise en ongeprosesseerde produkte. 'n Vitamien B12-tekort is egter maklik om met aanvullers, inspuitings of gistablette reg te stel. Vegetariërs kan ook met 'n gesonde ontbytplan die probleem oplos."

## 3. Alkohol

"Die oormatige gebruik van alkohol breek vitamien B6 af in die liggaam. Oplossing: Geen alkohol. Of goed, min. Volgens dieetkundige Elria van Schalkwyk moet vroue hul alkoholinnome tot een glasie per dag beperk terwyl mans met twee kan wegkom."

Dit is egter maklik om met inspuitings of aanvullers 'n vitamien B-tekort te oorwin.

# Wat is die simptome van 'n vitamien B-tekort?

Vitamien B1 – gewigverlies, emosionele gedrag, limfpyn  
Vitamien B2 – gebarste lippe, sensitiwiteit vir sonlig, inflammasie van tong  
Vitamien B3 – aggressie, slapeloosheid, swakheid, diarree  
Vitamien B5 – aknee  
Vitamien B6 – depressie, hoë bloeddruk, waterretensie  
Vitamien B12- geheueverlies

# Hoe neem ek genoeg vitamien B in?

In haar artikel beveel Maridi op aanbeveling van 'n dieetkundige die volgende aan:

1. Eet 'n gebalanseerde dieet met voedsels uit al die voedselgroepe.
2. Eet daaglik ten minste drie verskillende kleure groentes en vrugte.
3. Kies volgraanprodukte.
4. Vervang gewone blaarslaai met jong spinasie in slaai en voeg ander donker blaargroentes by, byvoorbeeld aspersione en broccoli.
5. Gebruik alkoholiese verversings matig. Maksimum twee sopies per dag vir mans en een per dag vir vroue.

# Watter kosse bevat vitamien B?

Volgens die artikel is "rooivleise, vis (veral tuna), kalkoen, lewer, bees, hoender en oesters gewoonlik ryk aan vitamien B12".

"Vrugte, bruinrys, broccoli, brusselse spruitjies en groen blare bevat weer vitamien B1, B2 en B6.

"Verder is daar ook volop vitamien B in volgraan, aartappels, piesangs, lensies, brandrissies, bone, brouersgis, okkerneute en molasses.

"Bier bevat wel gis wat 'n ryk bron van vitamien B is, maar die etanol in bier maak dat die vitamien nie deur die selle in die liggaam geabsorbeer kan word nie."



# Eet jouself gesond

Die frase "jy is wat jy eet" maak dus weer sy verskyning. Dit maak net sin dat ons meer op groente, vrugte en vleis in hul ongeprosesseerde staat sal staatmaak, en dat ons verwerkte kos soos brode, pasta, blikkieskos en kitskos tot 'n minimum beperk.


Gesels met jou huisdokter of apteker oor 'n ordentlike vitamien B-aanvulling as jy 'n tekort ondervind en moenie sommer net die goedkoopste (of duurste) produk van die rak af haal nie. Daar is soveel produkte, soos byvoorbeeld energiedrankies en selfs kitsontbytplan wat jou wil laat glo daar is vitamien B in, maar moenie vir daardie bemarkingstruuk val nie. 'n Dieetkundige kan vir jou 'n dieet voorstel waarin al die nodige vitamien B vevat word, en jou dokter of apteker kan jou van die nodige professionele raad bedien sodat jy nie aan lewensgehalte hoef in te boet nie.



Die avonture van Soetlief die kat:

# Soetlief en die nuwe gedierte

deur Riconette Coetzer



Die son steek sy kop uit in die ooste en dit begin lig word op die plaas Mooifontein.

"Koekelekoel Koekelekoel!" kraai Hennie Haan en loop soos 'n wafferse koning van die werf in die hoenderhok op en af.

"Ons is wakker, Hennie!" skree Bessie Frieskoei. "Jy weet, elke keer wat jy so kraai, skrik ek amper al my melk weg. En waar dink jy miskien gaan Ounooi en Oubaas melk kry vir hulle koffie?"

"Koekelekoel!" kraai Hennie nog 'n keer aspris net om vir Bessie te terg.

In die huis hoor Soetlief Hennie Haan se gekraai en begin haar lyfie stadig lui-lui uitstrek. Oubaas staan op en vee saggies oor Soetlief se pelsie. Hy gaan, soos elke oggend, vir hom en Ounooi 'n koppie boeretroos en vir

haar 'n piering warm melk maak. In haar wit piering met pienk rosies op. Tien sekondes en nie 'n sekonde langer nie. Absoluut perfek!

Soetlief spring van die bed af en met haar wollerige stert wat wip in die lug loop sy in die gang af tot in die kombuis waar sy op die tafel spring en haar melk begin lek. Oubaas se afstandbeheerradio begin allerhande Morse-kodes piep en dit maak Soetlief se arme katoortjies baie seer.

"Woef woef woef woef woef," blaf Bruno Boerboel buite by die stoor. Oubaas loer by die venster uit en groet vir Ounooi met 'n soen op die voorkop terwyl Ounooi die mandjie kry om 'n paar eiers te gaan uithaal vir ontbyt.

Soetlief skuur by Oubaas se voete verby toe hy by die agterdeur uitstap om stoor toe te gaan in die rigting waar Bruno soos 'n besetene blaf.

"Môre, Bessie," roep Soetlief vir Bessie Frieskoei. "Wat gaan daar aan?" vra sy en beduie met haar koppie in die stoor se rigting.

"Nee, jong, ek weet nie," sê Bessie en kou-kou verder aan haar stukkie groen gras. "Maar tussen Hennie Haan se gekraai en Bruno Boerboel se geblaf sal ek verseker nog die kluts kwytraak."

"Wag, laat ek tog gaan kyk wat aangaan," sê Soetlief en hardloop vinnig stoor se kant toe.

"Woef woef woef, woef woef woef," blaf Bruno.

"Bruno!" skree Soetlief, maar Bruno blaf so dat sy skaars haarself kan hoor praat. "Vir wat gaan jy soos 'n mal ding tekere?"

"Môre, Soetlief," sê Bruno. "Groet jy my dan nie vanoggend nie? Ek móét blaf; dis my werk," sê Bruno en blaf nog so twee keer.

"Man, ek weet dis jou werk, maar jy hét mos nou Oubaas se aandag gekry. Vir wat gaan jy nog so tekere?" vra Soetlief vies.

"Het jy gesien wat het Ben hier aangebring in die lorrie, Soetlief?" vra Bruno.

"Staan bietjie terug," sê Bruno en druk vir Soetlief verder van die lorrie af.

Baie dramaties en met groot oë beduie Bruno: "Ben het hier aangekom met die lorrie met die snaaksste gedierte agterop wat jy nog in jou lewe gesien het."

"Haai, sies, jy mag nie sê iemand is snaaks nie," sê Soetlief en sy spring op 'n hooibaal om beter te kan sien. "Wat is dit?" vra sy saggies.

Agterop die lorrie lê die grootste, gryste gedierte wat sy nog ooit gesien het. Die gedierte begin stadig beweeg en probeer opstaan, maar val dan weer kaplaks neer.

"O, hel," begin Soetlief huil. "Vandag word ons almal opgevreet."

Oubaas en Ben gaan staan eenkant en gesels en begin dan aan die drade karring. Hulle gaan staan in 'n nuwe kamp wat hulle die laaste twee weke voorberei het.

"Ek is mooi. Ek is slim. Ek is braaf," sê Soetlief vir haarself. En sy herhaal die woorde nog 'n paar keer voor sy afspring van die hooibaal en dan op die lorrie gaan spring.

Die groot, grys gedierte begin sy oë oopmaak en kyk reguit in Soetlief se gesig vas wat nou reg voor hom sit en hom aangaap.

"W-w-w-w-wie's jy?" vra die grys gedierte in 'n sagte, bewerige stem.

"Ek is Soetlief, die kat. Hier van die plaas Mooifontein. Wat maak jy hier en hoekom lyk jou neus so snaaks?" vra sy ewe kordaat.

"Aangename kennis, Soetlief," sê die gedierte en begin stadig regop kom. "My naam is Renier Renoster van die plaas Rooikraal. Maar Mooifontein is nou my nuwe tuiste."

Soetlief staar na Renier Renoster en sê weer: "Maar hoekom is jou neus so snaaks?"

Renier Renoster lag saggies.

"Dis my horing, Soetlief," sê Renier. "Alle renosters het horings, of altans van nature het renosters horings, maar deesdae word ons geskiet en baie seergemaak omdat mense allerhande stories oor ons horings hoor en glo en dit probeer afhaal om dit te verkoop vir baie geld."

"Ag, siestog," sê Soetlief. "En hier dink ek jy gaan ons kom doodmaak en nou vertel jy my daar is mense wat jou wil doodmaak."

"Ja," sug Renier. "Dis inderdaad so, Soetlief. Oubaas het my gekoop by my vorige eienaar, want al die ander renostermaats wat saam met my op Rooikraal gewoon het, het al seergekry omdat skelms hulle horings wou vat."

"Oubaas en Ounooi het sulke goeie harte," sê Soetlief en glimlag as sy aan haar mense dink. "Jy gaan so lekker hier by ons bly. Jy moet jouself tuis maak in jou nuwe kamp. Kyk, daar sit Oubaas en Ben nou vir jou lekker kos en water uit," beduie sy met haar kop na die renosterkamp waar Oubaas en Ben doenig is.

"Môre, as jy veilig in jou kamp is, sal ek al die diere bring en hulle aan jou kom voorstel," glimlag Soetlief vriendelik.

"Dis gaaf van jou, Soetlief," sê Renier en gaap. Sy ogies gaan weer stadig toe.

"Welkom op Mooifontein, Renier," fluister Soetlief en lek vir Renier op sy horing en spring dan opgewonde van die lorrie af om al die diere op Mooifontein van die snaakse nuwe gedierte, Renier die Renoster, te gaan vertel.

# NTK Agricultural development and Jobs Fund assist farmers on the road to success

*To be able to provide emerging farmers with a solution and not just products and services is the main aim of NTK's Agricultural Development Department. To accomplish this, manager of the department, Braam Crots, applied for assistance for four emerging farmers in rural Limpopo. These farmers are already reaping the fruits of their labor. **Delene Snyman** paid a visit to these beneficiaries of the Jobs Fund.*

## A FOUR PARTY ALLIANCE:

### 1. NTK

NTK's Agricultural Development Department is steered by Braam Crots. With the help of four advisors they have assisted many farmers in Limpopo to improve farming methods and grow towards becoming commercial farmers.

VKB approached the Jobs Fund to obtain financial assistance to develop four farmers that were identified to partake in the scheme. It took many hours of work and a lot of paperwork to get everything in place for the farmers to be part of this government initiative.

But most importantly is that they continue to play a vital part long after the funding was in place. Braam, Prozy Ravelle, Vincent Masekela and Patience Ntloko is the team from NTK Agricultural Development. For them it is all about bringing a solution to the farmers, whether it is a solution as to how to make your crops grow, finance solutions or marketing advice – they truly look after the farmers of Limpopo.



## 2. THE JOBS FUND

The Jobs Fund was announced by the President during the State of the Nation Address on 10 February, 2011. Following this announcement, the Jobs Fund was successfully launched in June 2011 by Minister of Finance and an amount of R9 billion was set aside, towards the realization of the objectives of the Jobs Fund.

### Objective of the Jobs Fund

The objective of the Jobs Fund is to co-finance projects by public, private and non-governmental organizations that will significantly contribute to job creation. This involves the use of public money to catalyse innovation and investment on behalf of a range of economic stakeholders in activities that contribute directly to enhanced employment creation in South Africa.

The Jobs Fund is a once-off limited duration grant. The grant is awarded on a competitive basis. The Jobs Fund will not seek repayment or a financial return on its investments, but will retain the right to reclaim funds that are not spent for the intended purpose or are misappropriated. It complements the different funding instruments made available by government while sharing a common objective – employment creation and economic growth.

There are strict rules and regulations in place to oversee that money is spent to meet the objectives of the Jobs Fund. This means a lot of paperwork for NTK Developing Agriculture.

## 3. POTATOES SA

Potatoes South Africa (Potatoes SA) is a non-profit organisation under the Companies Act 71, 2008 (Act 71 of 2008), whose main objective is to serve as the mouthpiece of the South African potato producers.

In terms of its role in the potato industry, PSA operates as an industry association and its structure represents a network of participating role players and individuals who are involved in various forums and committees. The vision of PSA is to build a viable potato industry in South Africa.

Potatoes South Africa's transformation efforts are to identify and assist emerging Black potato producers to participate in the mainstream agriculture to evolve into fully-fledged commercial potato farmers. These efforts entail, amongst others, training, production support, networking, mentoring and providing industry exposure.

They provide seed to these farmers as well as advice on the farming of potatoes in Limpopo.

## 4. THE FARMERS

### Common grounds

The four farmers that were identified by NTK to participate in the Jobs Fund have many similarities:

- ★ They all farm in rural parts of Limpopo close to communities that have little employment to offer.
- ★ Farming with potatoes was another common factor with the other crop left to choice but still with assistance of NTK.
- ★ Each received a 10 hectare pivot and another 10 hectare pivot will be provided in two years time.

- ★ Six workers from the community were appointed as permanent employees to each farmer with seasonal workers on a part-time base.
- ★ NTK Agricultural Development pays these farmers a weekly visit to assist in agricultural, financial and marketing related issues.
- ★ All four has a great passion for farming!

### Isaac Ramusuku Moletje farm

It is easy to miss the turn-off to Isaac's farm. It's just a small dirt road that seems to go nowhere. But you will be much surprised to find a neatly enclosed pivot and dry land farming operation where you least expect it.

Isaac is one of the farmers who received money from the Jobs Fund and plenty of advice from NTK. But Isaac also has knowledge from personal experience. He worked on a farm where he learned much of the tricks of the trade. He uses all that he has learned while working on a farm on this 62 hectare farm he occupies as part of PTO land.

Apart from all the farming activities, Isaac also has another full-time job. He works at an engineering firm, but every morning and late afternoon you will find him on his farm. He will also take his annual leave when time comes to harvest.

The mondial potatoes that he planted under irrigation have great potential. He has a good market in the local feeding schemes but also provides local grocery stores in Polokwane with his produce.



Braam, Vincent and Patience with Isaac in his potato land.

Isaac is very grateful for the funding he received from the Jobs Fund, but he attributes his success to the vital part NTK plays in his farming activities. The advice he receives from NTK's field officers is put to use and this is the key to success.

He knows he still has a long way to go before he can call himself a successful commercial farmer, but as he says himself: "A child doesn't walk the day he is born; it is a process to walk and eventually to run. You have to do the basic things first and you have to do it right to set yourself on a path of success."

### Erence Phooko Steady rain farming

Erence is a well educated young man with a BSc degree in Chemistry. He has a passion for farming but lacked the experience to pursue his dream. NTK and the Jobs Fund came to his rescue. Potatoes SA also contributed to his dream by providing certified, quality seed to ensure that he does everything right from the outset.

Here, in Ga Makibelo in the Capricorn district, he farms

on land that he leases from traditional leaders. It is in the middle of a rural community and cattle herders ensure that communal cattle don't eat his crops. Everyone works together in harmony for the benefit of the community.

It is also an area with high unemployment and the people that Erence has employed are grateful for the opportunity. Every job in this area matters and puts food on the table for large families.

Sweetcorn and green mealies will follow the mondial potatoes after it is harvested. With assistance and advice from NTK, Erence is looking forward to achieving his personal goals.

## Petrus Ratsomana Kaalbult farm

Deep in the rural area of Limpopo, in the Blouberg area, you will find a man with a good sense of humor but also with a passion for farming. Petrus grew up on a farm and started farming from an early age. But then he was drawn to the bright lights of Johannesburg with the promise of money that is easily made. After a few years he said to his brother, Solly, that Johannesburg was not the place for them and that they should go back home.

Once they were back both brothers started to farm. In 1995 Petrus planted tomatoes and vegetables but from 2006 he has planted potatoes. With the Jobs Funds assistance, seed and advice from Potatoes SA, and NTK's backing Petrus is seeing that things are going forward for him.

He also plants okra, a product that is similar to onions and that are in demand on the Gauteng markets where he sells it. This product brings in the cash he needs to sustain his potato farming.



Braam, Vincent and Patience with Isaac in his potato land.



Petrus planted maize.

## Farm

After serving for several years in the Limpopo Department of Health, Enos Mahwai decided it was time for a career change. He resigned to pursue his part-time hobby and lifelong dream of farming.

Enos realized from the start that experience can't be beaten and he lacked experience. That is why he adheres to the advice of the people who know, people such as commercial farmers who have already succeeded and the very knowledgeable people from NTK.

At this stage Enos is leasing the land from the community aid, but he is keen to own his own land. That is why he is working hard to make a success and become a commercial farmer.

Because Enos realizes the importance of job creation in the country and especially in the rural area he farms, he is pleased to be providing jobs for the six permanent and 40 seasonal workers. It may be a drop in the ocean, but at least it is something and Enos is proud of this.



Enos appreciates the help from NTK.

Farming is the best job in the world, according to Enos. A truly fulfilling occupation that he has the privilege to experience.

## IN CONCLUSION

There are many challenges facing emerging farmers in Limpopo. For these four farmers NTK gave hope for the future. They are well on their way to developing into commercial farmers. But they know that the key to success lies in one thing: hard work – and of course the continuous support of NTK Agricultural Development.



## A special thanks to old-timers

NTK's employees have always been the most important asset of the company. And the people who recently received their long service awards are truly the backbone of NTK. Not only do they render excellent service to customers and the company, they also set a good example for younger and

more inexperienced employees.

That is why Francois Froneman decided to combine the roadshows and the long service awards again this year, for it gives the receiver of such an award a broader audience to share in this marvelous achievement.



Congratulations to all those that received awards:



## Groot eer val Barry Smit te beurt

Op grond van sy vorige risiko-en-onderzoek-ondervinding asook lidmaatskap van die Internasionale Instituut van Interne Ouditeure is Barry Smit (bestuurder: interne oudit Limpopo) in November 2016 genader om 'n bydrae te lewer tot 'n nuwe handleiding wat die Instituut vir Interne Ouditeure (IIA) wou bekend stel.

Die handleiding het ten doel om ander ouditeure leiding te gee oor hoe om in die beplanningsfase van 'n audit reeds te let op die risiko van bedrog en hoe om met die beplanning reeds auditprosedures so te formuleer om die moontlikheid van bedrog in ag te neem.

Ná verskeie video-oproepe waarin hy deur die sameroeper uitgevra is oor sy benadering tot audits en risiko's met betrekking tot bedrog is die handleiding met Barry en ander kandidate se bydraes geformuleer en het dit op 2 November 2017 die lig gesien.

Baie geluk, Barry, ons is voorwaar trots op jou.




Marcia Froneman (bestuurder: interne oudit VKB Groep) oorhandig Barry Smit se lidmaatskapsertifikaat aan hom.

## Messssina se gholfdag

Sssslang se kind het hom so ewe kom tuismaak in die klubhuis se dak met die onlangse NTK Gholfdag op Messina. Kyk, die mense van Messina is gewoon aan slange en gun hulle hul plek in die natuur, maar as dit by gholf kom, is net klante en boere welkom. Dus moes slang maar van kant gemaak word. Die bielie van 'n swartmamba kon sake lelik omgekap het!

Behalwe vir hierdie opwinding was daar baie opwinding op die baan. Spelers het mekaar behoortlik die stryd aangesê, maar alles in goeie gees. Dit was 'n heerlike dag danksy die samewerking van personeel, verskaffers en produsente/klante. Maar die dryfveer agter die sukses was natuurlik Cobus en Annemarie du Plessis wat gesorg het dat dit 'n onvergeetlike dag was.

NTK Messina sien reeds uit na volgende jaar se gholfdag waar Francois en Wynand ook hopelik sal speel. Dit bly darem 'n heerlike geleentheid.



## Graan hou skaalbraaie

Dit is vir NTK Departement Graan baie belangrik om in kontak te bly met produsente. Nie net om aan hulle belangrike inligting te voorsien nie, maar ook om die dienste van die silo's te bemark. Op hulle beurt kry produsente die geleentheid om vrae te vra en personeel van die afdeling beter te leer ken.

By al NTK se silo's is daar vergaderings gehou waarna boere en personeel saam gebrui en gekuier het. Dit is 'n sinvolle byeenkoms maar ook 'n gesellige geleentheid.

Gerit de Bruin, bestuurder van Graan, sê die skaalbraaie het nou 'n instelling geword omdat die waarde daarvan deur beide partye besef word. Hy is tevrede met die opkoms wat hulle by al die silo's gehad het.

Gerit is bygestaan deur silo-bestuurders en -personeel sowel as deur graanbemarkers Herman Smit en Jandré Potgieter. Boere gesels graag met hierdie manne oor tendense in die mark en verwagtinge vir die toekoms.

Skaalbraaie was 'n groot sukses en binnekort maak hulle weer so!



## Tzaneen borg perdespring

Frikkie van Vuuren, takbestuurder van Tzaneen, glo dat die toekoms in die jeug lê. Daarom belê hy in hulle en dus in die toekoms. Boonop weet hy waar kinders is, is hul ouers net 'n paar treë agter. Daarom is dit as't ware twee vlieë met een klap. Die toekoms en die hede word ingespan om NTK te bemark.

NTK Tzaneen het onlangs opgetree as hoofborg van die perdespring en Frikkie is baie tevrede met die myle wat hy uit die geleentheid gekry het.



## Steilloop celebrates first birthday

Hendrik Mohlala is pleased with the performance of Steilloop depot. Since the depot opened its doors to the public a year ago things have gone from good to quiet to much better. He is convinced that Steilloop is on the right track and business will only get better.

The depot recently celebrated its first birthday in style. They even had a birthday cake which they shared with suppliers and customers. A few suppliers took part in the celebrations



and customers took the opportunity to ask them questions about their products.



### Mahwelereng turns one

Themba Madlala, manager of Mahwelereng depot, can hardly believe that a year has passed since the shop opened its doors to the public. It has been a year of mixed results but things are starting to settle down as customers are becoming increasingly aware of NTK. Good service and good quality products are attracting more customers each day and are also making sure that customers come back. The team at Mahwelereng is positive about the future. They are positive people with a lot of enthusiasm – and it shows! That is why customers enjoy shopping at NTK – it is a happy experience. The depot is managed by Potties Handelstak and Manie Wessels is certain that things will only improve for the depot. After just one year the future is looking bright.



### Neute onder vergrootglas

'n Pekanneut-inligtingsdag is onlangs op Modimolle aangebied. Die dag is georganiseer deur Ernest en Liezl Davey en het groot belangstelling gelok. NTK was teenwoordig en Lammie Henn het die geleentheid gehad om boere en belangstellendes toe te spreek oor besproeiing van neutbome. Jippe Bette van Agriplas was ook daar met meer inligting. Michael van der Merwe het die dag interessant gevind en reken dit is beslis 'n boerdery-aktiwiteit wat gaan toeneem.



Michael, Liezl en Ernest Davey en Jippe Bette van Agriplas.

### Nuus van Nylstroom

Wenner

Christo Venter van die plaaslike bokmelkplaas was die gelukkige wenner van 'n drom Deadline in die Bayer-kompetisie wat tydens die verjaarsdagvieringe gehou is. Hy kon sy naam in 'n hoed gooi as hy 'n Bayer-produk gekoop het en is met die prys daarvoor beloon.

True Blood

Die jaarlikse True Blood-aantelweiling van Andrew en Luanda Smit was uiters suksesvol met goeie pryse wat hul Brahmane behaal het. NTK was teenwoordig op die veiling met Cornell en Michael wat dit bygewoon het.



### Johan Schlebusch vat leisels van Dendron

Na vele maande het Dendron weer 'n takbestuurder. Johan Schlebusch het op 1 November 2017 die pos aanvaar. Nou werk hy hard aan die uitdaging om die tak in die regte rigting te stuur. Hoewel landbou 'n nuwe veld vir hom is, is hy slag gereed om van personeel, verskaffers en ander takbestuurders te leer. Hy beplan reeds inligtingsdae vir boere en sal dan sommer self by deelnemende verskaffers leer. Hy sien groot potensiaal in Dendron en omgewing. Hy wil veral boumateriaal in die landelike gebiede bemark. Verder gaan hy Dendron se voorraadvlakke regstel en seker maak dat kookwaterdiens gelewer word.



### Gwain van der Walt – silobestuurder Roedtan

Gwain van der Walt is van die Vrystaat oorgeplaas Limpopo toe waar hy silobestuurder van Roedtan is. Hy geniet die klimaat van die Bosveld al is dit aan die warm kant. Hier hoef 'n mens nooit 'n baadjie te onthou nie, sê hy. Gwain het in 2010 as leerlinggradeerder by OVK in Hopetown begin werk. Later werk hy op Ladybrand as bedryfsbeampte in Graan. Nadat hy vir ses maande by 'n meule in Bloemfontein gewerk het, gaan hy terug na die bedryf wat hy ken en werk vir VKB in Warden. Later werk hy op Petrus Steyn, maar is baie opgewonde oor die bevordering Roedtan toe. Hy het reeds al sy graderings en beroking afgehandel en is dus opgewonde om die leisels van Roedtan op te tel.





# Kom toer saam!

Verken Suid-Afrika met ons bustoere vir 2018/2019

Bederf jouself met 'n heerlike bustoer en verken van die mooiste dele van Suid-Afrika!  
Die ATKV bied 'n verskeidenheid bustoere aan vir elke hartsbegeerte; van bos tot berge en see – daar is 'n toer vir almal. Geniet 'n heerlike bustoer met talle besienswaardighede en span uit by 'n gerieflike ATKV-oord.  
Jy verdien 'n ruskans – kom toer saam!

## WEN 'N MIDWEEK

VIR 4 PERSONE DEUR VIR ENIGE ATKV-BUSTOER  
2018/2019 TE BESPREEK VOOR JUNIE 2018.  
GEBRUIK VKB AS VERWYSING VIR BESPREKING.

<b>ATKV-Drakensville</b> 21-26 Okt. 2018	<b>Kontak:</b> Nerine Nel	<b>Tel:</b> 036 438 6287 <b>E-pos:</b> nerinen@atkv.org.za
<b>ATKV-Eiland Spa</b> 28 Okt. - 2 Nov. 2018	<b>Kontak:</b> Cobus van Jaarsveld	<b>Tel:</b> 015 386 8010 <b>E-pos:</b> cobusv@atkv.org.za
<b>ATKV-Goudini Spa</b> 14-19 Jan. 2018	<b>Kontak:</b> Ranaldo van Rooy	<b>Tel:</b> 023 349 8118 <b>E-pos:</b> ranaldov@atkv.org.za
<b>ATKV-Hartenbos</b> 4-9 Feb. 2018 3-8 Feb. 2019	<b>Kontak:</b> Laurette Kemp	<b>Tel:</b> 044 601 7237 <b>E-pos:</b> laurettek@atkv.org.za
<b>ATKV-Klein-Kariba</b> 21-26 Jan. 2018 18-23 Nov. 2018 16-11 Jan. 2019	<b>Kontak:</b> Ronel Maartens	<b>Tel:</b> 014 736 9800 <b>E-pos:</b> ronelm@atkv.org.za
<b>ATKV-Natalia</b> 4-9 Mrt. 2018 29 Jul. - 3 Aug 2018 11-16 Nov. 2018	<b>Kontak:</b> Phillip du Plessis	<b>Tel:</b> 031 916 4545 <b>E-pos:</b> phillipd@atkv.org.za
<b>Kalahari/Kgalagadi</b> 1-8 Jun. 2018	<b>Kontak:</b> Das Badenhorst	<b>Tel:</b> 011 919 9017 <b>E-pos:</b> dasb@atkv.org.za
<b>Namakwaland</b> 2-9 Sept. 2018	<b>Kontak:</b> Das Badenhorst	<b>Tel:</b> 011 919 9017 <b>E-pos:</b> dasb@atkv.org.za

[www.atkvoorde.co.za](http://www.atkvoorde.co.za) | 011 919 9017 | [dasb@atkv.org.za](mailto:dasb@atkv.org.za)



Silver Signature se volledige reeks chemikalieë is verkrygbaar by VKB & NTK handelstakke.

Silver Signature-reeks bestaan uit kwaliteit produkte wat spesifiek geformuleer en verpak is om aan alle industriële asook huishoudelike behoeftes te voorsien.

Vervaardiging geskied onder streng ISO- en SABS regulasies, verskeie produkte waar nodig dra ook die SABS merk.



Septiese tank vriendelik

## BUTCHER BRIGHT

### BUTCHER BRIGHT

- Kombuis reiniger en ontsmettingsmiddel
- Diep reiniging van "fat traps"
- Skoonmaak van yskaste
- In en om die toalet en kroepe
- Asbak areas
- Septiese tank vriendelik



## ZZZ BLACK FLUID

### ZZZ BLACK FLUID

- Veeldoelige buitentruwe skoonmaakmiddel
- Vir dreine, asbakke, veeboerdings en park's
- Gereed om te gebruik
- Kragtige veeldoelige skoonmaakmiddel en ontsmettingsmiddel



## LANDBOU & INDUSTRIEEL



### LANDBOU, INDUSTRIEEL & MYNBOU

- Intensiewe Velverwyderaar
- Veeldoelige Reiniger
- SABS Goedgekeurde Produkte
- Waskamer Wasmiddel



## HUISHOUDELIK



### HUISHOUDELIK

- Skottegoed
- Wasgoed
- Badkamers
- Kombuise
- Vensters
- Veeldoelige Reiniger



012 345 3174



orders@silversignature.co.za



www.silversignature.co.za



# SILVER SIGNATURE



### SUB-SAHARAN AFRICA IS LAGGING BEHIND ITS COMPETITORS IN TERMS OF PRODUCTIVITY

Sub-Saharan Africa is the only continent in the world where there is still enough land for large-scale crop production. In order to benefit from this production potential and attract investors, African governments need to address the social, political and economic instabilities in their countries.

This was according to a report on the opportunities for agricultural expansion in sub-Saharan Africa compiled by Agri's agricultural economists, Tunde K...

you a perspective of how Sub-Saharan Africa is lagging in productivity," he said. "Access to inputs like fertilisers, which average smallholder farmers could help more out."

"On the other hand, you need to have a perspective of how Sub-Saharan Africa is lagging in productivity," he said. "Access to inputs like fertilisers, which average smallholder farmers could help more out."



## More pull. More plough. More performance.

Now getting the most out your machinery is so much easier with our speciality lubricants and fuels. Scientifically designed to keep every running part moving smoothly, they reduce wear and tear and prevent cost inflicting breakdowns. Ensuring that everything runs as it should and you are able to reap your hard earned rewards.

*laait dit glad loop*



RADAR/04/1/E